*Historia*, 51, 2, November 2006, pp 1-43.

# Sinvol of Sinister? Die Historiese Genootskap van Suid-Afrika Vyftig Jaar Oud

***Pieter Kapp****

Die Historiese Genootskap van Suid-Afrika (HGSA) is die oudste van die steeds aktiewe akademiese verenigings vir geskiedbeoefening in die land. By geleentheid van sy goue jubileum, is dit nodig om in gedagte te hou dat die Genootskap in bepaalde historiese kringe met agting en waardering bejeën word vir die konstruktiewe bydrae daarvan tot die bevordering van geskiedbeoefening en die geskiedwetenskap in Suid-Afrika. Dit is ewe waar dat dit in ander (en meer spesifieke) kringe met groot agterdog bejeën is of word as 'n organisasie met 'n sinistere agenda om 'n ongesonde partikularisme, uitsluitendheid en polities-ideologiese ideale te bevorder. Wat is die waarheid?

Ten einde te poog om 'n antwoord op hierdie vraag te formuleer, is nie net 'n beskrywing van die geskiedenis van die Genootskap nodig nie. Dié geskiedenis moet inderdaad in drie perspektiewe beoordeel word, naamlik:

- Die perspektief van die funksies van geskiedenis in die samelewing. Wat is meer standhoudend en wat is modeverskynsels? Waar pas die Genootskap histories en eietyds in?
- Die perspektief van die ontwikkelende historiese bewussyn in Suid-Afrika. Waar het die Genootskap gestaan, waar staan dit vandag en hoe moet dit vir die toekoms geposisioneer word?
- Die perspektief van die internasionale belang en funksies van geskiedenis. Wat is dit wat vandag vir die wêreld in en oor die geskiedenis belangrik is, en hoe kan die Genootskap 'n rol hierin speel?

## Die Funksies van Geskiedenis

Geskiedenis, die dissipline, en geskiedenis, dit wat in die verlede gebeur het, bevind sigself in dieselfde posisie as 'n aantal ander rigtings wat sowel as dissipline as 'n daaglikse "gebruiksartikel" in onderskeidelik die akademiese wêreld en die lewenswerklikheid staan. Dit is tegelykertyd

---

* Professor Pieter Kapp is as besoekende navorsingsgenoot aan die Departement Geskiedenis, Universiteit van die Vrystaat, verbonde.

allemensbesit en ŉ gedissiplineerde akademiese aktiwiteit wat kragtens internasionaal erkende reëls en konvensies beoefen behoort te word. Geskiedenis deel hierdie besondere posisie met taalkunde, letterkunde en godsdiens/teologie. Geskiedenis het daarom vier basiese funksies wat dit in enige samelewing kon of kan vervul:

- Dit is algemene gemeenskapsbesit, of volksbesit, of kultuurbesit, of *peoples' history* in die talle vorme van herinneringe, oorlewing, tradisies, oorlewering, oortuiging, uitbeelding en aanvaarding of verwerping wat bestaan. Dit vergestalt sigself op dikwels onbewuste wyse in die gees en gesindheid van mense teenoor hulle tyd, wat weer op sigself hulle gedrag op bepaalde wyses beïnvloed. Hiervoor is intellektuele kontak of omgang met die verlede geen vereiste nie. Hierdie funksie is dikwels soortgelyk aan dié van die kultuurtradisies of die godsdiens van ŉ gemeenskap of tydperk: gekontroleerde studie en besinning is nie ŉ vereiste kenmerk van dié funksie nie. Trouens, dit is juis dikwels die onbewuste saamleef met dit wat as die versamelde en oorgeërfde wysheid en stabiliteit van die verlede aanvaar word, wat aan hierdie funksie sy besondere invloed verleen. Die geskiedenis word eenvoudig onbewustelik geleef.
- Wanneer dit dikwels wel bewustelik beleef word, word dit ook maklik aangewend om ŉ ander funksie te vervul, naamlik om inspirasie, kohesie, mobilisering tot steun of verset of verbondenheid te bevorder. Dit kan dan veel makliker vir politieke, ideologiese, sosiale, ekonomiese, militêre, godsdienstige of ander doeleindes aangewend word. Om dit te kan doen, word geselekteerde kennis en toepassing van die geskiedenis op spesifieke doelstellings ontwikkel. Anders as die onbewuste leef uit en in die geskiedenis, is hierdie ŉ bewustelike ingreep in en vormgewing aan die geskiedenis.
- Hierdie bewustelike ingreep kan ook ŉ derde funksie van geskiedenis voed, naamlik die verskaffing van inspirasie aan skeppende geeste om uit en deur die geskiedenis sowel die partikularistiese as die algemeen en universeel menslike ervaring in die vorm van kuns en fiksie, wat op fiktiewe wyse op werklike historiese gebeure gebaseer is, uit te beeld om sowel te vermaak as om tot lering te dien.
- Al drie hierdie funksies is iets waarvan die beoefening van Geskiedenis in die vierde funksie as akademiese dissipline bewus moet wees en waarvan dit deeglik kennis moet neem. Dit is juis hierdie bewustheid wat van die akademiese dissipline iets anders as die ander drie funksies maak. Hierdie belangstelling in die

geskiedenis is die produk van ʼn gedissiplineerde vakmanskap wat kragtens die reëls en konvensies van sy opleiding hanteer moet word. Daarom het dit ten doel om besondere vaardighede te skep waardeur gevorderde kennis, begrip en verstaan van komplekse gebeure tot stand kan kom. Dit is bedoel om aan ʼn ontwikkelde en gediversifiseerde samelewing die moontlikheid te bied om betekenis aan die verlede te gee, om daardeur tot die hede se werklikhede te kan deurdring met die oog op die neem van verantwoordelike besluite oor die toekoms. Die betekenis is gesetel in ʼn verskeidenheid uitgangspunte en interpretasiewyses wat verseker dat daar noodwendig meervoudige "waarhede" oor die betekenis en die konsekwensies in die tyd van historiese gebeure bestaan. Ten spyte van hierdie verskeidenheid, streef historiese kennis drie dinge na. Eerstens, ʼn vermoë om die genoemde drie funksies te ken en te verstaan en die implikasies, konsekwensies en betekenis van hulle werking in die samelewing te interpreteer. Tweedens, om as ingeligte en verantwoorde basis te dien op grond waarvan gesprek oor hierdie betekenisse en manifestasies gevoer kan word, deur die uitruilbaarheid en toetsbaarheid van die kennis. Derdens, om deur hierdie kennis die samelewing van die dag in te lig, voor te lig en om ʼn spieël(s) vir die hede en die toekoms te bied.

Dit is ter wille van laasgenoemde funksie dat Geskiedenis as skoolvak en wetenskaplike dissipline ontwikkel en beoefen word. Daarom skryf historici boeke, word vakkonferensies gehou en verenigings gestig. Daardeur word ʼn ambagtradisie geskep wat in sy eie reg ʼn historiese tradisie verteenwoordig en as sodanig die voorwerp van studie in die historiografie en die teorie van geskiedenis is. Hoe meer ontwikkeld ʼn samelewing is, hoe kragtiger is hierdie funksionering van ʼn kritiese historiese bewussyn. Dit word ʼn onlosmaaklike deel van daardie samelewing se karakter en persoonlikheid. Wie daardie samelewing wil bestudeer en verstaan, moet besondere aandag aan sy geskiedenis gee.

Dit is juis die worsteling om die vraag hoe hierdie historiese ervaring die Suid-Afrikaanse karakter en persoonlikheid uitdruk, wat veel van die dialoog en debat oor die Suid-Afrikaanse verlede wentel. Die rol van georganiseerde historiese bedrywighede, en in die besonder dié van die Historiese Genootskap die afgelope vyftig jaar, is maar een van die mini-terreine waarop antwoorde na hierdie vrae gesoek kan word.

Die interaksie tussen die genoemde vier funksionele terreine het ʼn rol in die geskiedenis van die HGSA gespeel. Die geskiedenis is gesien

as die besit van die gemeenskap (die term wat oorheersend by die stigting gebruik is, was "volksbesit", wat sowel na die breër Suid-Afrika as spesifiek na die Afrikaanse verlede verwys het). Geskiedenis as politieke of ideologiese motivering was dikwels in die bespreking van die Genootskap se werksaamhede sowel as kritiese en as motiverende aspek teenwoordig. Vir baie jare lank het die Genootskap met sy sogenaamde Vrydagprogram (dit wil sê ŉ program wat op die aande voor die jaarvergaderings gehou is) juis aan die werke van skeppende kunstenaars uitdrukking gegee met die doel om daardeur ŉ historiese aanknopingspunt met die kunste te demonstreer. Kultuur- en Kunsgeskiedenis as dissiplines is ook op doelbewuste wyse by die Genootskap se bestuur en werksaamhede ingeskakel. Die ontwikkel van intellektuele vaardighede deur die inoefening van eienskappe van die historiese metode het ook van vroeg af die Genootskap se aandag geniet. Die bekendstelling van navorsing deur voordragte en publikasies, en die ontwikkeling van gesprek en dialoog oor aspekte van die geskiedenis, het deel van die Genootskap se program geword. Terselfdertyd is veel aandag aan die bevordering van die belange van die vak as ŉ waardevolle besit in die opleiding en opvoeding van die mens op ŉ verskeidenheid wyses bevorder.

Teen hierdie agtergrond moet ŉ studie van die geskiedenis van die HGSA in staat wees om op drie vrae antwoorde te bied, naamlik:

- Hoe het die HGSA hierdie vier funksies in die proses van verandering oor die afgelope vyftig jaar hanteer?
- Wat het die Genootskap op die onderskeie terreine bereik?
- Hoe kan die Genootskap hierdie hibriede rol in die nuwer, komplekser Suid-Afrika en globaliserende wêreld vervul?

**Die Ontstaansgeskiedenis van die HGSA**

Die ontstaan van die Genootskap kan nie los van die ontstaan en ontwikkeling van ŉ historiese bewussyn in Suid-Afrika gesien word nie. Die ontstaan daarvan is trouens ŉ aanduiding van hoe beperk ŉ historiese bewussyn in Suid-Afrika was en ook van hoe dit ingeskakel het en steeds daarna strewe om ingeskakel te wees by die vorme van historiese bewussyn wat wel aan die ontwikkel was, of tans nog is. Hoewel die tradisionele gemeenskappe in Suid-Afrika ŉ eiesoortige bewussyn van hulle historiese oorleweringe gehad het, het ŉ vorm van historiese bewustheid eers laat in die geskiedenis van Suid-Afrika werklik begin ontkiem. Dit was eers in die twintigerjare van die negentiende eeu wat die eerste tekens van ŉ historiese belangstelling voorkom en wel in die

tydskrifte en publikasies van daardie tyd. Twee sake het hierdie ontkieming gestimuleer. Die eerste was die ontwikkeling van drukkuns en die ontstaan van koerante en tydskrifte aan die Kaap. Die tweede was die ontwikkelende konflik tussen groepe mense wat 'n vraagstelling aan die verlede genoodsaak het. Dit was konflik oor grondbesit, taalregte, reg en geregtigheid, vryheid en emansipasie, asook oor magsverhoudinge wat die vraag na wie ons is, waar ons vandaan kom en hoe ons in die omstandighede waarin ons ons bevind, beland het, wat belangstelling in die verlede geprikkel het. Selfregverdiging deur verskillende groepe het hierdie konflikte ten grondslag gelê.

Aan die Kaapse skole is die onderrig van geskiedenis as 'n verlengstuk van die staat se reg en mag, en van die godsdiens se oorheersende invloed geag.[1] Geskiedenis het eers in 1865 'n formele opsionele plek in die Kaapse skoolsillabus gekry. Aan die kolleges van die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop het Geskiedenis bloot as 'n aanhangsel by die onderrig van Klassieke Tale en Engels gegeld, maar dit is wel teen 1890 as deel van die *Department of Modern Languages, Literature and History* erken. Die eerste onafhanklike Geskiedenis-departement het in 1903 aan die *South African College* (die latere Universiteit van Kaapstad) en in 1904 aan die Victoria Kollege (die latere Universiteit van Stellenbosch) tot stand gekom.[2] Die grondleggers van die twee departemente het twee verskillende kulture vir die studie van Geskiedenis gevestig. Aan die Universiteit van Kaapstad is 'n Anglo-Saksiese model met die hoofklem op Britse en imperiale geskiedenis gevestig. Aan die Universiteit van Stellenbosch is 'n kontinentale Nederlands-Duits-Franse tradisie met die klem op Europese en Suid-Afrikaanse geskiedenis gestig. Konflik tussen die twee tradisies het spoedig gevolg soos onder meer geïllustreer word deur mislukte pogings om 'n gemeenskaplike teks vir skole-onderrig te vestig,[3] asook deur die spoedige ontbinding van die eerste akademiese historiese vereniging wat van 1913 tot 1916 bestaan het.[4] Dié konflik is deur die politieke en ideologiese verskille tussen Britse imperialisme en kolonialisme aan die een kant, en die ontwikkelende Afrikanernasionalistiese oortuiginge aan

1. P.S. du Toit, *Onderwys in Kaapland, 1652-1969* (Van Schaik, Pretoria, 1970), p 52.
2. H. Phillips, "The South African College and the Emergence of History as a University Discipline in South Africa", *Historia*, 49, 1, May 2004, p 9; P.H. Kapp, *Verantwoorde Verlede* (Privaat publikasie, Stellenbosch, 2004), hoofstuk 2.
3. Kapp, *Verantwoorde Verlede*, pp 17-19.
4. C.C. Saunders and B. le Cordeur, "The South African Historical Society and its Antecedents", *South African Historical Journal*, 18, November 1988, pp 1-8.

die ander kant, asook die ontluikende geskille en verskille oor rasse- en kultuurverhoudinge gevoed.[5] Die invloed van politieke houdings van die dag sou deurgaans ŉ belangrike rol in die geskiedbeoefening speel.

Op die suiwer navorsingsgebied was daar verrassende samewerking, soos deur drie ondernemings, naamlik die stigting van die Van Riebeeck-Vereniging in 1918 om die publikasie van oorspronklike historiese manuskripte moontlik te maak,[6] die totstandkoming van die Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis in 1938[7] en die groot nasionale navorsingsprojek van staatsgeskiedskrywing oor Suid-Afrika se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog, geïllustreer word.[8] Hierdie samewerking was moontlik omdat daar vooraf ŉ oortuigende konsensus oor drie beginsels tot stand gekom het. Die beginsels behels dat die ondernemings op suiwer akademies-wetenskaplike meriete bestuur word, dat politieke kwessies doelbewus geweer word, en dat Engels en Afrikaans/Nederlands gelyke status in die ondernemings geniet. Hierdie wetenskaplike samewerking het nogal in kontras met die populêre emosies oor die geskiedenis gestaan, soos veral in die Lamont teer-en-veer saak van 1932 in Pretoria[9], die konflik oor die historiese aard van rasse- en kultuurverhoudinge, en die geskil oor die rol van republikanisme en nasionalisme en hulle historiese wortels en betekenis, weerspieël is.

Die werksaamhede van organisasies wat hulle met die geskiedenis as populêre besit besig gehou het, het ook hierdie voortdurende konflik en gebrek aan konsensus uitgebeeld. Aan Afrikaanse kant, was dit die werksaamhede van die Geskiedenisafdelings van onderwysverenigings soos die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie en die Transvaalse Onderwysersvereniging, asook die werk van die Geskiedeniskommissies van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (gestig in 1909) en van die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (gestig in

---

5. F.A. van Jaarsveld, *Die Afrikaner en sy Geskiedenis* (Nasionale Boekhandel, Kaapstad, 1959), pp 116-117; K. Smith, *The changing past* (Southern Book Publishers, Johannesburg, 1988), chapters 2 and 3.
6. H. Phillips, "The Van Riebeeck Society's journey: the origins and destination of the Van Riebeeck Society, 1918-2004", *South African Journal of Cultural History*, 19, 1, June 2005, pp 65-78. Sien in hierdie verband ook die korrespondensie tussen ŉ voormalige voorsitter van die Van Riebeeck-Vereniging, regter H.S. van Zyl, en professor H.B. Thom in die H.B. Thom-versameling, J.S. Gericke-biblioteek, Universiteit van Stellenbosch.
7. Kapp, *Verantwoorde Verlede*, p 59.
8. Kapp, *Verantwoorde Verlede*, pp 52-54.
9. D. Joubert, "Teer en veer in 1932: rondom die Lamont-saak", *Brandpunte* I (Tafelberg, Kaapstad, 1972).

1929) wat die klem op die bevordering en popularisering van die Afrikaner se historiese rol geplaas het. Aan Engelse kant, was dit ook onderwysverenigings soos die South African Teachers Association, maar veral verenigings soos dié in Kaapstad, Port Elizabeth, Durban, Pietermaritzburg en Johannesburg wat hulle op die bevordering van plaaslike geskiedenis toegespits het. Hierdie ontwikkelinge is van belang vir die latere geskiedenis van die Genootskap omdat die Genootskap midde-in hierdie belange was en dikwels ᾽n bepaalde rol ten opsigte van nie net skoolgeskiedenis en wetenskaplike geskiedskrywing nie, maar ook ten opsigte van die populêre geskiedenis wou speel. Daar sal gewys word op die pogings van die Genootskap om die "een ding te doen en die ander nie na te laat nie". Die Genootskap is dikwels met die vraag met wie dit moet saamwerk en hoe dit gedoen moet word, gekonfronteer.

Twee voorbeelde wat die saak illustreer, is die rol van historiese herdenkings en besoeke aan plekke van historiese belang. Die FAK het hom byvoorbeeld in besonder vir Afrikaanse historiese herdenkings, monumente en standbeelde beywer, terwyl plaaslike historiese verenigings weer besondere klem op standbeelde ter ere van Britse vorste en die erkenning aan Britse oorblyfsels van geboue en terreine in Suid-Afrika gelê het. Die Genootskap het gepoog om by leerders en onderwysers ᾽n belangstelling in alle monumente, standbeelde en plekke van historiese en argeologiese belang te bevorder. Een van die projekte was byvoorbeeld die inrig van skoolmuseums, waar die plaaslike historiese gedenkwaardighede in die skool aanskoulik uitgebeeld kon word. Dit is ᾽n terrein waarop die Genootskap nogal besondere sukses behaal het. Die skoolmuseum van die Laerskool Dealesville is dikwels voorgehou as model wat in hierdie verband nagestreef kon word. Die ander voorbeeld is die talle klein artikeltjies deur leerlinge waarin hulle juis oor plaaslike historiese gedenkwaardighede geskryf het en wat in *Historia Junior* gepubliseer is.

Die onderrig van Geskiedenis op skoolvlak het voor die stigting van die Genootskap weliswaar ten tye van groot meningsverskille aandag getrek, maar historici aan die universiteite het slegs beperkte deurlopende aandag daaraan gegee. Dit is nogal verrassend omdat historici soos H.B. Thom en A.N. Pelzer in ᾽n stadium dit wat vandag aan sommige universiteite "Vakdidaktiek Geskiedenis" genoem word, aan onderwysstudente gedoseer het. Onderwysverenigings het deur hulle Geskiedeniskomitees aan skoolonderrig aandag gegee, maar nie juis ernstige kontak met geskiedenisdosente opgeneem nie. Die geskiedenis van die Historiese Genootskap en sy lyfblad *Historia* se voorloper, *Historiese Studies,* bevestig hierdie situasie. *Historiese Studies* was net ᾽n

vaktydskrif, sonder ŉ vereniging met lede. Die tydskrif was in werklikheid bedoel as ŉ "mini-Argiefjaarboek". Die Argiefjaarboek, wat in 1938 tot stand gekom het, het ten doel gehad om uitgebreide studies wat onder meer as tesisse en proefskrifte by universiteite gedien het en nie kommersieel publiseerbaar was nie, uit te gee. Professor I.D. Bosman van die Universiteit van Pretoria het die leiding in die stigting van dié tydskrif geneem en dit in noue oorleg met professor H.B. Thom, toe departementshoof van Geskiedenis aan die Universiteit van Stellenbosch, onderneem.[10] Die bedoeling was om veel kleiner studies in die vorm van kort artikels te plaas. *Historiese Studies* het veral ten doel gehad om die entoesiastiese belangstelling in die Afrikaner se geskiedenis, in besonder die Voortrekkergeskiedenis, wat deur die Voortrekkereeufees gestimuleer is, te bevorder. Dit was ook duidelik dat dit ŉ onderneming van die Universiteit van Pretoria was, met die universiteitswapen op die voorblad.[11] Tot met die beëindiging daarvan in 1949, het die tydskrif haas geen aandag aan die onderrig van die vak gegee nie.

In die vroeë jare vyftig en selfs vroeër, het twee jong geskiedenisonderwysers na hulle terugkeer van studie in Nederland en geïnspireer deur die akademiese viriliteit wat hulle aldaar ervaar het, daarna gestreef om ŉ historiese vereniging soortgelyk aan dit waaraan hulle in Groningen en Amsterdam gewoond geraak het, in Suid-Afrika tot stand te bring. Dit was veral gesprek oor die teoretiese en filosofiese grondslae van die vak wat hulle geboei het. Hulle het beide onder die indruk van die intellektueel-boeiende teorie van geskiedenis wat deur professore Jan Romein en Helmuth Plessner aangebied is, gekom. Hulle was twee persone wat later ŉ belangrike rol en invloed in die Historiese Genootskap en op die tydskrif *Historia* sou uitoefen, naamlik doktor Ria Hugo (getroude van De Pauw) en doktor F.A. (Floors) van Jaarsveld. Twee dinge het hulle egter verhinder om in hierdie vroeë stadium ŉ betekenisvolle rol te speel: hulle was albei relatief gefrustreerde geskiedenisonderwysers, onderskeidelik aan ŉ Afrikaanse hoërskool in Pretoria en ŉ Engelse hoërskool in Johannesburg verbonde. Belangriker egter is die polemiek waarin Van Jaarsveld, ondersteun deur Hugo, met Pretoriase historici betrokke geraak het oor Van Jaarsveld se uitsprake oor die werk van ouer

---

10. J.S. Gericke-biblioteek, Universiteit van Stellenbosch: H.B. Thom-versameling, ou verwysingsnommer 19/21B, korrespondensie tussen H.B. Thom en I.D. Bosman.
11. J.S. Bergh, "Historiese Verenigings en Tydskrifte in Suid-Afrika: Verlede, Hede en Toekoms", *Historia*, 38, 2, November 1993, p 37.

historici oor die Transvaalse geskiedenis.[12] Toe planne bekend gemaak is om Geskiedenis as skoolvak deur ŉ nuwe geïntegreerde vak, Sosiale Studie, na ŉ Amerikaanse model, te vervang, het die twee teenoorgestelde standpunte daaroor ingeneem. Hugo het dit ondersteun en Van Jaarsveld het dit heftig teengestaan. Van Jaarsveld se later uitgebreide werksaamhede in die skryf van skoolhandboeke het juis uit hierdie gebeure ontstaan.[13]

Toenemende kommer het in die georganiseerde onderwys oor hierdie ontwikkeling geheers. Die Geskiedeniskomitee van die Transvaalse Onderwysersvereniging het in Maart en Augustus 1954 ŉ uitgebreide bespreking oor die posisie van Geskiedenis as skoolvak gevoer. Dit was veral doktor J.J. van Tonder, inspekteur van skole, wat die leiding hierin geneem het. Hy was ŉ entoesiastiese geskiedenisonderwyser, wat geglo het dat die vak nie op ŉ saai wetenskaplike wyse aangebied moes word nie, maar met lewendige vertellinge, beelde en historiese materiaal. Onkundige en onentoesiastiese onderwysers is die vak se doodsteek. Hy het hom veral oor die dalende aantal matriekleerlinge wat die vak geneem het, bekommer. Na sy mening is hulle met weinig begrip van hoe die wêreld waarin hulle hulle bevind, geword het wat dit is en van hulle “verankerdheid aan ŉ volksboom wat lewe dra”, die lewe ingestuur. Hulle is nie toegerus om hulle plek as landsburgers in te neem nie.[14]

Doktor Van Tonder het die inisiatief geneem om ŉ persoonlike uitnodiging aan geskiedenisonderwysers in die Transvaal te rig om op twee opeenvolgende Saterdae – 11 en 18 September 1954 – by ŉ hoërskool in Boksburg bymekaar te kom. Tot sy groot verrassing het meer as 300 onderwysers opgedaag en hulle probleme en verwagtinge openhartig bespreek. Dit was spoedig vir hulle duidelik dat hulle wyer steun as net die onderwysowerhede sou moes soek. ŉ Bekendstellings-veldtog is onder onderwysers begin en daar is spesifiek na die Departement Geskiedenis aan die Universiteit van Pretoria uitgereik. ŉ Onderwyser, H. Malan van Menlopark, het ŉ ontmoeting tussen doktor Van Tonder, professor A.N. Pelzer, doktor F.J. du Toit Spies en doktor T.S. van Rooyen aan sy (Malan se) huis gereël. Tydens daardie gesprek is besluit om in 1955 ŉ groot nasionale konferensie oor die

12. Sien in hierdie verband die referaat van F.A. Mouton en A. van Jaarsveld by die Suid-Afrikaanse Historiese Genootskap se konferensie in Stellenbosch, 2004.
13. Nasionale Argief, Pretoria (hierna NA): F.A. van Jaarsveld-versameling, band 16, Uitgebreide korrespondensie tussen R. Hugo en F.A. van Jaarsveld.
14. Johannesburg Universiteitsbiblioteek (hierna JU): J.J. van Tonder-versameling, band 29/37, lêer 217, Persoonlike herinneringe van J.J. van Tonder, geen datum.

posisie van Geskiedenis as skoolvak aan die Universiteit van Pretoria te hou. Die kleiner groep het ŉ voorlopige grondwet opgestel en die naam "Historiese Genootskap van Suid-Afrika" / "*The Historical Association of South Africa*" aan die nuwe beweging gegee.[15] Hoewel die Genootskap dus ŉ inisiatief van onderwysers was, is dit die geskiedenisdosente van die Universiteit van Pretoria wat vorm daaraan gegee het.

Die konferensie het nie, soos oorspronklik beplan, in 1955 plaasgevind nie, maar wel op 11 Februarie 1956, toe 400 persone in die stadsaal van Pretoria vergader het. Opvallend is die betekenisvolle deelname van nie-onderwysers aan die byeenkoms. Die administrateur van Transvaal, doktor William Nicol, was een van die genooide sprekers wat nie teenwoordig kon wees nie. ŉ Bandopname van sy rede is voorgespeel. Hy het sy volle steun aan die onderneming toegesê. Die burgemeester van Pretoria, raadslid Seymore, het beklemtoon dat die onderrig van geskiedenis "liefde vir die eie land" en "egte nasietrots" behoort te bevorder, daarom kon geskiedenis net deur ŉ "egte patriot" onderrig word. Die Direkteur van Onderwys, doktor A.H. du Preez van Wyk, wat ŉ oud-geskiedenisonderwyser was en ŉ meestersgraad in Geskiedenis aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf het, het met sy openbare steun veel tot die belangstelling in die byeenkoms bygedra. Nie-onderwysers soos advokaat G.F. de Vos Hugo, M.C. de Wet Nel (LV) en latere volksraadslede soos doktor J.C. Otto en Willem Cruywagen, albei opgeleide historici en geskiedenisonderwysers, was teenwoordig. Nog ŉ stigterslid was A.J. Koen, toe hoof van die Hoërskool Helpmekaar en later Direkteur van Onderwys. Twee toekomstige vise-rektore van universiteite was ook daar, by name professor A.N. Pelzer van die Universiteit van Pretoria en doktor J.S. du Plessis van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Dit was Pelzer wat die voorstel ingedien het dat daar tot die stigting van ŉ genootskap oorgegaan moes word. ŉ Voorlopige komitee is aangewys om ŉ grondwet op te stel en ŉ tydskrif vir die bevordering van geskiedenis tot stand te bring. Doktor Van Tonder is as sameroeper aangewys, terwyl die ander lede van die voorlopige komitee ŉ goeie deursnit van skole, onderwyskolleges en universiteite verteenwoordig het. Van universitêre kant is Pelzer, Van Rooyen, professor C.F.J. Muller van die Universiteit van Suid-Afrika en doktor J.S. du Plessis aangewys. Van die kant van onderwyskolleges was dit die here Van der Walt en Meyer, terwyl H. Stander, J.C. Otto, A.J. Koen en doktor J.L. du Plooy skole verteenwoordig het. Doktor J.H. Breytenbach van die Staatsargief,

15. JU: J.J. van Tonder-versameling, band 29/37, lêer 216.

advokaat G.F. de Vos Hugo en M.C. de Wet Nel het die res van die komitee uitgemaak. Hoe onrealisties van die entoesiasme was, blyk uit die eenparige aanvaarding van ŉ voorstel van F. Robbertse van Hoërskool Ventersdorp dat die Direkteur van Onderwys gevra moes word om R20 000 vir die bevordering van geskiedenis beskikbaar te stel.

Hoe belangrik die totstandbrenging van ŉ tydskrif geag is, blyk uit die feit dat ŉ redaksie reeds op 24 Februarie 1956 daarvoor aangewys is, terwyl die formele stigting van die Genootskap eers op 24 Maart 1956 by die Universiteit van Pretoria plaasgevind het. Die eerste bestuur is saamgestel uit doktor. J.J. van Tonder (voorsitter), professor A.N. Pelzer (ondervoorsitter), D.J. Nell (sekretaris), J.L. du Plooy (penningmeester), S.J. Venter, C.J.J. Reyneke, advokaat G.F. de Vos Hugo, doktor J.S. du Plessis en mevrou Kotie Roodt-Coetzee. Onderwysers het dus oorheers, hoewel twee universiteitsdosente en een museumkundige ook betrek is. Pelzer is as eerste redakteur van die tydskrif aangestel. ŉ Groot aantal onderwysers en enkele argiefamptenare is verder op die redaksie betrek. Die Genootskap se ideaal was om soveel mense uit soveel rigtings as moontlik te betrek, sodat die Genootskap nie ŉ eksklusiewe skole-beweging sou word nie.

Die samestelling van die redaksie het nogal ŉ byspel opgelewer wat nie onbeduidend in die lig van latere ontwikkelinge is nie. Na sy skerp polemiek met sommige Pretoriase historici, het Van Jaarsveld vas geglo dat die weg na ŉ akademiese loopbaan in Suid-Afrika permanent vir hom gesluit is. Trouens, hy het dit ernstig oorweeg om na die VSA te emigreer en inderdaad voorbereidings in dié verband begin tref.[16] ŉ Versoening wat tussen hom en Pelzer bewerkstellig is, het meegebring dat Pelzer gretig was om die knap, maar impulsiewe geleerde by die nuwe Genootskap te betrek.[17] Pelzer het hom dan ook opgeneem in die lys van

---

16. NA: F.A. van Jaarsveld-versameling, band 16, bevat heelwat korrespondensie tussen F.A. van Jaarsveld en H.B. Thom. Thom het onder meer vir hom ŉ getuigskrif geskryf vir sy aansoek om ŉ pos in die VSA. Van Jaarsveld skryf aan Thom op 19 Mei 1956: “In ŉ tyd toe dit vir my gevoel het of my wêreldjie vergaan, het u woorde vir my as ŉ anker gekom waaraan ek weer vastigheid kon kry.”
17. NA: F.A. van Jaarsveld-versameling, band 16, bevat heelwat korrespondensie tussen A.N. Pelzer en F.A. van Jaarsveld en gee ook ŉ beeld van hoe die versoening tussen hulle bewerkstellig is. Professor C.J. Uys van die Universiteit van die Vrystaat het op 11 Mei 1958 na die saak verwys en Van Jaarsveld vermaan dat hy verkeerd was om te dink dat Pelzer die stok in die wiel in sy poging om ŉ universiteitspos te bekom, was. Die teenoorgestelde was na Uys se mening eerder die geval: “As historikus moet jy een ding leer: nie te haastig te oordeel en ook nie onder die waan te verkeer dat almal jou vervolg nie”.

redaksielede vir *Historia*, maar die teenkanting van bestuurslede het meegebring dat hy uiteindelik nie in die redaksie opgeneem is nie.[18] Van Jaarsveld het nie alleen een van die kritici van *Historia* geword nie, maar ook skepties teenoor die Genootskap gestaan. Hierdie skeptisisme is deur 'n onderwyser in Bloemfontein en toekomstige medewerker van die Genootskap, naamlik M.C.E. (Tienie) van Schoor, gedeel.[19]

Ten spyte van sy skeptisisme, het Van Jaarsveld 'n entoesiastiese medewerker van *Historia* en Pelzer se ywerigste bondgenoot met die skryf van artikels geword. Dit is juis hierdie bedrywighede en die skoolhandboeke waarby hy as jong onderwyser betrokke geraak het, wat hom onder die aandag van dosente by die Universiteit van die Witwatersrand gebring het. Trouens, sy konflik met die historici van Pretoria het meegebring dat hy 'n ywerige korrespondensie met professore C.W. de Kiewiet, Edgar Brookes en J.S. Marais aangeknoop het. So skryf hy byvoorbeeld aan C.W. de Kiewiet:

> I have read all your magnificent publications ... I have abandoned all hope for a solution to our colour problems as we have to cope with a people of very limited mental outlook. Segregation or the so-called "apartheid" is a slogan with which the government succeeded in gaining power.[20]

Op grond van sy kritiese houding en hierdie kontakte is Van Jaarsveld genooi om in Mei 1956 'n konferensie van Engelssprekende geskiedenisonderwysers aan die Universiteit van die Witwatersrand oor die onderrig van Algemene Geskiedenis toe te spreek. Die vergadering het sterk standpunte teen die Historiese Genootskap ingeneem, omdat hulle dit as 'n Afrikanernasionalistiese beweging wat die onderrig van geskiedenis wou kaap, beskou het.[21] 'n Komitee is tydens die vergadering gekies om met die Genootskap in gesprek te tree om te verseker dat Engelssprekendes ook in die Genootskap en in die tydskrif se sake geken sou word. Van Jaarsveld is ook tot die komitee verkies, maar het dit van die hand gewys. Hierdie gebeure sou in die jare sestig verder ontwikkel met die poging van professor A.N. Boyce, rektor van die Johannesburg

18. NA: F.A. van Jaarsveld-versameling, band 16, A.N. Pelzer – F.A. van Jaarsveld, 25 Maart 1956.
19. NA: F.A. van Jaarsveld-versameling, band 17, bevat uitgebreide korrespondensie tussen die twee. Sien veral Van Jaarsveld se brief van 24 Mei 1956 en M.C.E. van Schoor se antwoord van 28 Mei 1956.
20. NA: F.A. van Jaarsveld-versameling, band 16, F.A. van Jaarsveld – C.W. de Kiewiet, 1 Oktober 1957.
21. NA: F.A. van Jaarsveld-versameling, band 16, F.A. van Jaarsveld – A.N. Pelzer, 23 Mei 1956.

College of Education om met Van Jaarsveld se hulp, die Genootskap op ҆n ander weg te stuur, of om mededinging vir die Genootskap te skep. Teen daardie tyd het nuwe faktore rondom skoolhandboeke egter ook ҆n invloed uitgeoefen. Kaaplandse en Vrystaatse onderwysers het insgelyks uitgesluit gevoel en die Genootskap as ҆n Transvaalse organisasie beskou, omdat die leiding van Transvaalse skoolinspekteurs uitgegaan het.

Van Jaarsveld se konflik met sommige Pretoriase historici was op sy dikwels onsensitiewe skerp kritiek op die geskiedskrywing oor die Transvaalse pioniersgeskiedenis gegrond. Dit was veral op die werke van S.P. Engelbrecht oor die kerkgeskiedenis, Pelzer oor die wordingsjare van die Zuid-Afrikaansche Republiek en T.S. van Rooyen se werk wat hy kritiek uitgespreek het.[22] Hy het ҆n vernuwing van die geskiedskrywing[23] in sowel Afrikaans as Engels bepleit en aansluiting by die Stellenbosch-skool van Thom en Van der Merwe gesoek.[24] Van Jaarsveld se kritiese houding oor die Nasionale Party en laasgenoemde se beleid, asook sy verwerping van Afrikanernasionalisme, het hom op hierdie tydstip ҆n aantreklike alternatief vir Engelse historici gemaak.[25] Hy was hiervan bewus en het trouens by geleentheid ҆n uitnodiging van die redakteur van *The Star* van die hand gewys omdat hy aangevoel het dat hulle hom vir politieke doeleindes wou gebruik om stemming teen Afrikaners te maak.[26] Onder hierdie omstandighede het die rektor van die Johannesburg College of Education, professor A.N. Boyce, hom (Van Jaarsveld) in 1963 as skakelpersoon genader om ҆n alternatiewe organisasie vir die Genootskap te stig.[27] Van Jaarsveld het voorgestel dat die beoogde "*association for the advancement of history teaching and school histories in South Africa*"[28] Kleio genoem moes word en dat die Johannesburg College of Education die hoofsentrum van die organisasie

22. Oor die reaksie van sy promotor, professor P.J. van Winter van Groningen, en professor H.B. Thom oor sy styl, sien Kapp, *Verantwoorde Verlede*, p 65.
23. Sien J. du Bruyn, "F.A. van Jaarsveld: Afrikanerhistorikus en Vernuwer", *Historia*, 27, 1, Mei 1982, p 55.
24. NA: F.A. van Jaarsveld-versameling, band 16, F.A. van Jaarsveld – P.J. van Winter, 28 Februarie 1953.
25. Na aanleiding van die verskyning van Jan Rabie se boek, *Evolusie van nasionalisme*, skryf Van Jaarsveld op 9 Mei 1960 aan hom: "Nasionalisme het by ons ҆n siekte geword: ons kan nie uit die grense wat dit vir ons stel uitbreek en onsself oorwin nie". NA: F.A. van Jaarsveld-versameling, band 17.
26. NA: F.A. van Jaarsveld-versameling, band 16, F.A. van Jaarsveld – A.N. Pelzer, 23 Mei 1956.
27. NA: F.A. van Jaarsveld-versameling, band 17, A.N. Boyce – F.A. van Jaarsveld, 25 Maart 1963.
28. NA: F.A. van Jaarsveld-versameling, band 17, A.N. Boyce – F.A. van Jaarsveld, 10 Mei 1963.

moes wees.[29] Daar het niks van dié inisiatief gekom nie. Reeds so vroeg as 1961 het Van Jaarsveld en Van Schoor gedagtes oor ŉ vereniging van professionele historici gewissel. So ŉ vereniging is deur professor J.J. Oberholster van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, bepleit.[30]

Die stigting van die Genootskap het dus ook heelwat ander gedagtes ter bevordering van geskiedenis gestimuleer. Hierdie proses sou later met die stigting van ŉ aantal meer gespesialiseerde organisasies momentum kry. Die Genootskap moes ook mettertyd sy funksionering en strukture in heroorweging neem. Teen 1975 was daar inderdaad sprake van ŉ krisis in die voortbestaan van die Genootskap. Dit is daarom nodig om die verskillende werksaamhede van en ontwikkelinge in die Genootskap puntsgewyse te bespreek.

**Struktuur en Organisasie**

Die stigting van die Genootskap as ŉ nasionale organisasie met ŉ uitsluitlik Transvaalse samestelling en op ŉ uitsluitlik Transvaalse inisiatief, het nie gepas by dit wat die Genootskap homself ten doel gestel het nie. As nasionale organisasie wou dit sigself op sowel skool- as tersiêre gebied vir die bevordering van slegs Suid-Afrikaanse geskiedenis beywer, maar dit wou terselfdertyd van laerskoolonderwysers tot museumkundiges, dosente, argiefamptenare, asook dilettante en ander belangstellendes betrek. Dus is van die begin af beklemtoon dat die organisasie Afrikaans en Engels as gelykwaardige tale erken en is daar gesoek na Engelssprekendes sowel as persone uit die ander provinsies en Suidwes-Afrika om te betrek. Hoewel Engelssprekendes altyd betrokke was en daar nougeset daarop gelet is om amptelike stukke in albei landstale uit te stuur, het die organisasie in die praktyk sterker aansluiting by Afrikaanse bewegings met ŉ historiese belangstelling gevind. Daar was gevoeligheid van Engelssprekende kant oor dié saak, iets waaraan doktor Van Tonder besondere aandag gegee het.[31] ŉ Belangrike sukses wat Van Tonder behaal het, was om ŉ tradisie van Natalse deelname met die betrek van die ywerige inspekteur en voormalige geskiedenis-onderwyser van Natal, doktor G. Chadwick, te vestig. Chadwick het na doktor Van Tonder se uittrede as voorsitter in 1975, dié posisie oorgeneem. Die Chadwick-tradisie is later deur doktor J.J. Matthews

29. NA: F.A. van Jaarsveld-versameling, band 17, F.A. van Jaarsveld – A.N. Boyce, 1 Mei 1963.
30. NA: F.A. van Jaarsveld-versameling, band 17, M.C.E. van Schoor – F.A. van Jaarsveld, 8 Mei 1961.
31. Daar is heelwat korrespondensie in hierdie verband in die J.J. van Tonder-versameling.

voortgesit totdat hy die onderwys verlaat het. Engelse onderwysers en onderwyskringe is egter nooit op 'n beduidende skaal betrek nie, waarskynlik vanweë verskille oor die sieninge van die geskiedenisonderrig, -sillabusse en -handboeke wat juis tussen 1956 en 1965 tot heftige polemieke aanleiding gegee het, asook die Engelse onderwysers se ontuisheid in Afrikaans.[32]

Die skerp kritiek wat die onderwysman F.E. Auerbach in 1962 op Afrikaanse geskiedenishandboeke en die onderrig van geskiedenis in Afrikaanse skole geloods het,[33] het daartoe gelei dat die Historiese Genootskap vir die eerste en nog die enigste keer in sy geskiedenis sy tydskrif vir 'n openbare polemiek beskikbaar gestel het. Albei kante is naamlik die geleentheid gegee om hulle saak daarin te stel.[34] Afrikaanse skrywers en onderwysers is van "sinistere motiewe" en "nasionalistiese propaganda" beskuldig. In 'n poging om die kloof te oorbrug, is die Boyce-Van Jaarsveld inisiatief, met die klaarblyklike goedkeuring van die Historiese Genootskap, eenmalig in werking gestel met die stigting van die Kleio Studiegroep deur dosente van die Johannesburg College of Education en die Universiteit van Suid-Afrika op 24 Mei 1963. Van Jaarsveld was toe aan die Universiteit van Suid-Afrika verbonde. Dit het nie juis resultate opgelewer nie en was die enigste byeenkoms wat ooit plaasgevind het.[35] Dié gebeure het twee onopmerklike, maar tog belangrike historiese gevolge gehad. Van Jaarsveld het homself voortaan toenemend vervreemd van die Engelse historici begin beskou want, het hy gesê, hulle beskinder hom nog meer as wat die Pretoria-mense hom vroeër beskinder het en hulle maak sy werk meer verdag as wat die Pretoria-groep gedoen het.[36] Sy negatiewe veroordeling van Afrikaner-nasionalisme, waaroor hy nog die vorige jaar aan Jan Rabie geskryf het, is teen 1961 (mede vanweë die kritiek van Engelse kant op sy skoolhandboeke) vir 'n ander perspektief verruil – 'n Europees-Franse

---

32. Byvoorbeeld *The Sunday Times*, 8 April 1956 (Editorial) & 20 May 1956 (*Lecturers say history should be objective*, p 15); *Rand Daily Mail*, 25 June 1956 (History Tuition on Racial Terms); *The Star*, 21 May 1956 (Editorial); *Die Transvaler*, 14 Februarie 1956 (Hoofartikel).
33. Sy kritiek het later in boekvorm neerslag gevind. F.E. Auerbach, *The Power of Prejudice in South African Education.* (AA Balkema, Cape Town, 1965).
34. *Historia*, 7, 4, Desember 1962, pp 228-235.
35. *Historia*, 8, 3, September 1963, p 148; JU: J.J. van Tonder-versameling, band 29/12, lêer 70: Omsendskrywe.
36. NA: F.A. van Jaarsveld-versameling band 17, F.A. van Jaarsveld – G.D. Scholtz, 30 November 1960.

perspektief soos hy dit veral in ŉ studie van die Franse in Kanada leer ken het.[37]

Die Genootskap kon nie die vooroordeel teen hom oorwin nie. Die eerste grondwet het beklemtoon dat die Genootskap tweetalig is en het lidmaatskap nie tot net wittes beperk nie. Dit is wel later gedoen. Die jaarvergadering van die Genootskap is dan ook net deur wittes bygewoon, hoewel dit die uitdruklike doelstelling van die Genootskap was om deur sy lede wat aan die destydse departemente van Kleurling-, Indiër- en Bantoe-onderwys verbonde was, soortgelyke geleenthede vir hierdie groepe te reël, ten einde ook die studie van hulle eie geskiedenis by hulle skole te bevorder.[38]

Die eerste kongres (later "konferensie" genoem) is op 4 en 5 Oktober 1956 aan die Universiteit van Pretoria gehou. Hierdie byeenkomste is jaarliks op verskillende plekke, dikwels skole, gehou. So het Heidelberg, Parys, Vereeniging en skole aan die Rand aan die beurt gekom. Dit is eers veel later, naamlik ná 1975, wat die gebruik ontwikkel het om dit uitsluitlik by universiteite te hou. Onderwysers van die plaaslike kring, asook kultuurorganisasies wat hulle historiese werk bekend kon stel, het aktief aan die organiseer van die jaarvergaderings deelgeneem. Uitstallings van oudhede en van boeke was ŉ deurlopende instelling. Uitgewers het gretig meegewerk. Die gebruik, wat na 1975 verdwyn het, is ook gevestig om een aand aan ŉ openbare byeenkoms te wy, waar voordragte, musiekaanbiedings en historiese voorstellings deur plaaslike talent en leerders ŉ prominente plek ingeneem het. Dit was byeenkomste wat besonder goed deur lede van die publiek bygewoon is. Museumbeamptes, kultuurhistorici, argiefbeamptes en gewone belangstellendes het aktief aan die besprekings en referate deelgeneem. ŉ Vaste item op die program was ŉ bespreking oor die posisie van Geskiedenis as skoolvak en die vak se sillabus. Dié bespreking het meestal oor die dalende aantal leerders wat Geskiedenis tot op senior sertifikaatvlak volg, gehandel. Gereelde opnames is van die aantal leerders in matriek en selfs van voor- en nagraadse studente aan die universiteite, onderneem.

37. NA: F.A. van Jaarsveld-versameling, band 17, F.A. van Jaarsveld – Theodore Ropp (ŉ Duitser verbonde aan die Duke Universiteit in die VSA), 19 Januarie 1961. Vergelyk ook S.F. Malan, "Professor Van Jaarsveld se bydrae tot die geskiedskrywing oor Afrikanernasionalisme", *Historia*, 27, 1, Mei 1982, pp 65-67.

38. JU: J.J. van Tonder-versameling, band 29/37, lêer 218, Omsendskrywe.

Aanvanklik was die bedoeling dat die Genootskap deur plaaslike takke sou funksioneer. Dosente en onderwysers het dan ook die leiding geneem om takke tot stand te bring op plekke soos die Onderwyskollege van Pretoria (1956), in Bloemfontein (1957), Schweizer-Reineke (1958), Kaapstad (1958), Krugersdorp (1959), Louis Trichardt, Stilfontein, Sannieshof (1963) en verskeie ander plekke. Dit is opvallend hoeveel predikante ʼn rol in hierdie stigtings gespeel het. Dit het egter spoedig geblyk dat takstigting nie die dinamiese proses bevorder het wat beoog is nie. Die Hoofbestuur het die saak reeds in 1958 bespreek en daar is gewys op die relatiewe gebrek aan sinvolle inisiatiewe by sommige van die takke.[39] Sterker sentrale leiding is bepleit. Met die oog daarop, is die nasionaal verteenwoordigende karakter van die Genootskap in 1960 na ʼn federale karakter verander. Dit was die oorspronklike bedoeling om provinsiale afdelings te stig en die eerste grondwet beskryf dan ook net Pretoria as die setel van die Genootskap. Takstigting het egter meer aandag gekry. Teen 1960 het daar nog weinig van die federale karakter tereggekom en was die hoofbestuur en die Transvaalse afdeling in werklikheid dieselfde liggaam. Op inisiatief van Bloemfonteiners is die grondwet in 1960 gewysig. ʼn Volwaardige Vrystaatse en Natalse afdeling het daarna tot stand gekom en hulle is op die hoofbestuur verteenwoordig.[40] Kaapland het later gevolg. Die afdelings was volledig outonoom en van hulle het dan ook, in samewerking met die provinsiale onderwysdepartemente, van tyd tot tyd besonder suksesvolle streekkonferensies aangebied. Dit het ʼn belangrike rol gespeel om aan die Genootskap ʼn meer nasionale beeld en betrokkenheid te gee. Hierdie byeenkomste het ook die karakter van vakkonferensies waar referate oor navorsing gelewer is, eerder as dié van onderrigkonferensies begin aanneem. Opvallend is die rol wat kultuur-, kuns- en kerkgeskiedenis in hierdie aanbiedings ingeneem het.

Teen 1990 het takke en afdelings vir alle praktiese doeleindes verdwyn. Die herinstelling van takke is weer in 1992 deur ʼn grondwetwysiging moontlik gemaak.[41] In die praktyk het dit tot op hede weinig uitwerking gehad. Dit is ook die geval met ʼn ander grondwetwysiging wat in 1997 aangebring is, naamlik toe Artikel 2, wat Pretoria as setel van die Genootskap beskryf, geskrap is.[42] Dit was ʼn poging om die kritiek dat die Genootskap ʼn onderneming van die

---

39. JU: J.J. van Tonder-versameling, band 29/37, lêer 219: Notule van vergadering, 15 November 1958.
40. Sien dokumente in die argief van die Genootskap, Departement Geskiedenis, Universiteit Pretoria (hierna UP: HGSA-argief), derde lêer, geen titel.
41. UP: HGSA-argief, lêer "Konstitusies", Grondwet van 1992.
42. UP: HGSA-argief, lêer "Konstitusies", Grondwet van 1997.

Universiteit van Pretoria is, teen te werk. In die praktyk het dié universiteit tot op hede die setel gebly. Selfs ʼn poging in 1998 om die redaksie van *Historia* in sy geheel na Potchefstroom te verskuif, het nie werklik van die grond gekom nie. Wat wel besonder suksesvol was, was die verskuiwing van die redakteurskap na die Vaaldriehoek-kampus van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, met professor Johann Tempelhoff as vernuwende redakteur. Dit het nie werklik desentralisasie tot stand gebring nie en die administrasie van die vereniging en tydskrif het by die Universiteit van Pretoria gebly.[43]

Teen die middel van die jare sestig het die wyer uitreik na historici momentum begin verloor. Onderwysers en vakdidaktici het die beweging begin oorheers en jaarlikse byeenkomste het, onder meer as gevolg van die openbare twis oor skoolhandboeke wat toe aan die orde was, hoofsaaklik oor skoolsake gehandel. Invloedryke historici het hulle aan werksaamhede begin onttrek. Twee leidende historici, J.J. Oberholster van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat en C.F.J. Muller van die Universiteit van Suid-Afrika, het voorspraak begin maak vir ʼn beweging waaraan slegs professionele historici kon deelneem, sodat op navorsing alleen gekonsentreer kon word. Die eerste voelers is reeds in 1961 uitgesteek en uiteindelik het die Departement Geskiedenis van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, in samewerking met die Universiteit van Suid-Afrika en die Universiteit van Kaapstad se professor Eric Axelson en Stellenbosch se D.J. Kotzé, die inisiatief geneem om ʼn uitnodiging aan historici van al die universiteite te rig om aan ʼn byeenkoms in Bloemfontein deel te neem, waar so ʼn vereniging oorweeg kon word. Op 5 Februarie 1965 het 37 historici (6 Engels, 31 Afrikaans) op voorstel van D.J. Kotzé tot die stigting van die Suid-Afrikaanse Historiese Vereniging oorgegaan.[44] Dit is opvallend dat die meeste van die stigterslede ook lede van die Genootskap was. Hulle het dus beklemtoon dat die nuwe organisasie nie as kompetisie of as teenvoeter van die Genootskap beskou moes word nie. Dit sou ʼn liggaam van professionele historici wees en niemand kon uit eie beweging aansluit nie. Lede moes as kandidate genomineer word en sou deur die bestuur op grond van hulle aktiewe betrokkenheid by historiese navorsing gekeur word.

Op die stigtingskonferensie is drie referate gelewer. Professor D.W. Krüger het as plaasvervanger vir Thom ʼn voordrag oor *Die taak en roeping van die historikus in Suid-Afrika* gelewer, Eric Axelson oor *The*

43. UP: HGSA-argief, lêer "Jaarvergaderings", Notule van ʼn Bestuursvergadering, 23 Maart 1998.
44. ʼn Volledige verslag van die stigtingsvergadering is te vind in NA: F.A. van Jaarsveld-versameling, band 100.

*face of South Africa as a document of history* en J.J. Oberholster oor *Die koördinering van historiese arbeid in Suid-Afrika*. Laasgenoemde was die sentrale saak waaroor dit op die konferensie gegaan het. In die bespreking het die volgende sake dan ook aandag geniet, wat die verskil in styl en inhoud met die Genootskap illustreer:

- Die opleiding van historici.
- Die tekort aan opgeleide historici.
- Die gebrek aan opgeleide argivarisse.
- Onderrigmetodes van Geskiedenis aan die universiteite.
- Die gebrek aan sentrale historiese navorsingsbiblioteke.
- Die herskryf van sekere tydvakke in die Suid-Afrikaanse geskiedenis deur spanwerk. ʼn Beklemtoning van die driehoek Bantoe-Boer-Brit as die sentrale tema van die Suid-Afrikaanse geskiedenis.

Professor J.J. Oberholster is as eerste voorsitter verkies en doktor M.C.E. van Schoor as sekretaris. Ander bestuurslede was Eric Axelson as ondervoorsitter en F.A. van Jaarsveld as addisionele lid. Op hierdie wyse is die Universiteite van die Vrystaat, Kaapstad en Suid-Afrika betrek. Daar is ook besluit om ʼn eie tydskrif uit te gee wat tweetalig, maar met die meerderheid artikels in Engels sou wees. Daar is verder op ʼn outomatiese rotasie besluit om te verseker dat universiteite om die beurt die geleentheid sou kry om die tweejaarlikse konferensie aan te bied en die voorsitter en sekretaris te voorsien. Op hierdie wyse sou ʼn delikate balans tussen Afrikaanse en Engelse historici verseker kon word.

Doktor Van Tonder het die stigting van die Vereniging as ʼn terugslag en teenvoeter vir die Genootskap beskou. Op sy gebruiklike wyse het hy ʼn spesiale beroep op universiteitsdosente gedoen om hulle gewig by die Genootskap in te gooi.[45] Sommige het voortgegaan om lid van albei verenigings te bly, maar ander het hulle van die Genootskap losgemaak.

Die laaste termyn van doktor Van Tonder se voorsitterskap (1975/1976) is algemeen as ʼn krisisjaar vir die voortbestaan van die Genootskap beskou.[46] ʼn Spesiale hoofbestuursvergadering is op die destydse Jan Smutslughawe gehou om te besluit of die Genootskap moes

45. Sien die korrespondensie in JU: J.J. van Tonder-versameling, band 29/42, lêer 254 en band 29/17, lêer 89.
46. Sien in hierdie verband die briewe van F.G.E. Nilant en Rupert Maree in UP: HGSA-argief, lêer “Jaarverslae”.

voortbestaan. Danksy Chadwick se leiding, is besluit dat die Genootskap nie net met sy werksaamhede in die belang van die onderrig van Geskiedenis sou voortgaan nie, maar ook dat dit groter stabiliteit en permanensie moes kry. Daar is besluit om die setel daarvan in ŉ departement Geskiedenis, en nie in ŉ fakulteit Opvoedkunde of aan ŉ onderwyskollege nie, te vestig. Danksy Van Jaarsveld se leiding is op die Departement Geskiedenis aan die Universiteit van Pretoria besluit. Hoewel die oorspronklike grondwet bepaal het dat Pretoria die setel sou wees, was dit, behalwe vir die huisvesting van *Historia*, nooit spesifiek afgedwing nie. Die federale karakter van die Genootskap, sowel as die feit dat Pretoria drie hoër onderwysinstansies met Geskiedenisdepartemente gehad het, het in die praktyk beteken dat die setel relatief plooibaar hanteer is. Op daardie tydstip was Van Jaarsveld nie meer aan die Randse Afrikaanse Universiteit verbonde nie, maar (sedert 1 April 1973) aan die Universiteit van Pretoria. Soos vroeër aangedui, was sy persoonlike rol dus van deurslaggewende belang.

Ten spyte van hierdie verskuiwing het die Genootskap weer teruggeval en hoofsaaklik ŉ organisasie van onderwysers en kollegedosente geword. Dit word geïllustreer deur die bestuur wat op die jaarvergadering van 6 Maart 1976 verkies is. In die plek van doktor Van Tonder, wat as skoolinspekteur uitgetree het, is Chadwick tot voorsitter verkies. Die res van die bestuur, met die uitsondering van F.A. van Jaarsveld (wat vanweë sy betrokkenheid by skoolhandboeke na aan die skoolonderwys beweeg het), was almal onderwysers.

Onder Chadwick se leiding is gepoog om die kloof met die Historiese Vereniging te oorbrug en die posisie van die Genootskap ook buite die skoolonderwys te versterk. Hy het samewerking met die Historiese Vereniging en met plaaslike historiese verenigings bepleit.[47] Op Chadwick se inisiatief is hierdie besluit in Oktober 1976 ŉ stap verder gevoer met ŉ beginselbesluit dat die Genootskap hom vir ŉ Bond van Historiese Verenigings op ŉ federale grondslag sou beywer.[48] Hierdie samewerkingstrewe heers vandag nog in die Genootskap, soos later aangetoon sal word.

In 1978 het ŉ belangrike wending ingetree. Op die jaarvergadering wat by die Randse Afrikaanse Universiteit plaasgevind het, is ŉ bestuur waarin universiteitsdosente ŉ sterker rol gespeel het, vir die eerste keer

47. NA: F.A. van Jaarsveld-versameling, band 100, Notule van die Hoofbestuur, 6 Maart 1976.
48. NA: F.A. van Jaarsveld-versameling, band 100, Notule van die Hoofbestuur, 9 Oktober 1976.

saamgestel. Van Jaarsveld is tot die nuwe voorsitter verkies met P.H. Kapp van die Randse Afrikaanse Universiteit as ondervoorsitter, Rupert Maree (hoof van Laerskool Drie Riviere in Vereeniging) as sekretaris en mevrou Van Vuuren as penningmeester. H. Schreuder (onderwyser), professore G.N. van den Berg (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys), F.G.E. Nilant (Universiteit van Pretoria), E.L.P. Stals (Randse Afrikaanse Universiteit) en N. Gunning (Departement Bantoe Onderwys), A.J. van Wyk (Universiteit van Suid-Afrika) en S.J. Esterhuisen (Transvaalse inspekteur van skole) is tot addisionele lede verkies.[49] Met die uittrede van Rupert Maree as sekretaris in 1980, is die volledige administrasie van die Genootskap deur die Departement Geskiedenis van die Universiteit van Pretoria oorgeneem.[50] Hieraan is verdere gevolg gegee toe die nuwe hoof van dié departement, professor Johan Bergh, in 1986 tot voorsitter van die Genootskap verkies is.

Bergh het hom ten doel gestel om meer aktief aan samewerking met ander universiteite en die Historiese Vereniging te werk. Tydens sy termyn as president van die Historiese Vereniging (1996-1997) het hy die Chadwick-poging om samewerking tussen historiese verenigings op dreef te kry, herbevestig. Volgens die model van die Historiese Vereniging, is die organiseer van die tweejaarlikse konferensie gedesentraliseer deur ŉ eie reëlingskomitee op die gasheerkampus te stig, wat ŉ redelike vry hand in die reël van die byeenkoms gehad het. Dit het meegebring dat die kampusse begin meeding het om die standaard van voordragte en besprekings te verhoog en deur onderwerpe met ŉ wyer relevansie aan te bied. Skole is nie meer as bymekaarkomplekke oorweeg nie. Daar is ook daarna gestreef om ŉ verskeidenheid perspektiewe op geskiedenisgebeure te betrek. Die tradisie om historiese gebeure by wyse van indringende lesings, gebaseer op basiese navorsing, te belig, het reeds in 1981 begin toe die Transvaalse Vryheidsoorlog die tema van die konferensie was. Belangrike nuwe navorsing en perspektiewe is tydens dié konferensie bekendgestel. Bergh het ŉ veel sterker momentum hieraan verleen.

Die 1988-konferensie by die Universiteit van Pretoria het oor die Groot Trek, wat in daardie jaar sy 150ste herdenking beleef het, gehandel. Groot moeite is gedoen om ook swart perspektiewe oor die Groot Trek deur navorsing bekend te stel. Die belangstelling in die skoolonderrig van Geskiedenis het weliswaar meer na die agtergrond geskuif, maar

49. NA: F.A. van Jaarsveld-versameling, band 100, Notule van ŉ Jaarvergadering, 19 Julie 1978.
50. UP: HGSA-argief, lêer "Notuleboeke", Notule van die Hoofbestuur, 13 September 1980.

nogtans steeds aandag geniet. Daar is ook sterker op onderrig aan universiteite gefokus – een van die doelstellings waarvoor die Historiese Vereniging spesifiek gestig is. Die konferensie van 1992 aan die Universiteit van die Noorde het oor perspektiewe op die onderrig van Geskiedenis en die implikasies daarvan vir skool- en universiteitsonderrig gehandel. Die 1996-konferensie aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys is saam met die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Geskiedenisonderrig aangebied en het oor historiografiese tendense en die betekenis daarvan vir nuwe skoolsillabusse gehandel. Die 1999-konferensie aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat was 'n internasionale konferensie oor die Anglo-Boereoorlog, wat heelwat buitelandse deelname meegebring het. In 2002 is selfs twee konferensies aangebied – een daarvan op Stellenbosch in samewerking met die Vereniging VOC van Kaapstad om die stigting van die Verenigde Oostindische Compagnie in 1602 te gedenk. Internasionale deelnemers uit Nederland, die VSA en Afrika het besondere akademiese inhoud aan dié byeenkoms gebied. In Junie 2002 het die Genootskap 'n tweede konferensie oor erfenisskepping en navorsing gereël, wat gesamentlik deur die Randse Afrikaanse Universiteit en die Universiteit van Fort Hare aangebied is. Dit het weer die Genootskap se oorspronklike stigtingsbelangstelling in erfenisbewaring bevestig.

Die Genootskap se samewerking met die Nederlands-Zuidafrikaanse Vereniging (NZAV) en Nederlandse historici om reeds drie Nederlands-Suid-Afrikaanse bilaterale konferensies aan te bied (die eerste in 1998 by die Randse Afrikaanse Universiteit, die tweede in 2000 by die Nederlandse Instituut vir Gevorderde Navorsing te Wassenaar en die derde op Stellenbosch in 2002), verdien ook spesiale vermelding. Die herdenking van die vyftigjarige bestaan van die Genootskap en die 125-jarige bestaan van die NZAV by die konferensie aan die Universiteit van Pretoria in 2006 is terselfdertyd ook die vierde bilaterale konferensie.

In sy werksaamhede het die Genootskap onder Bergh se leiding 'n sterk akademiese basis ontwikkel, sonder om sy opvoedkundige en bewaringsrol prys te gee. Dit sal ook duidelik op ander terreine blyk.

Vanweë sy besondere kontak met die Amerikaanse historiese wêreld, het Bergh onder die indruk gekom van wat Amerikaanse organisasies in belang van geskiedenis doen. Hy het daarom 'n vergelykende studie van Suid-Afrikaanse, Amerikaanse en Britse verenigings gemaak, en 'n aantal belangrike aanbevelings gemaak oor hoe

die Suid-Afrikaanse situasie aangepas kan word.[51] Dié aanbevelings het die volgende behels:

- Groter doeltreffendheid in die organiseer en aanbieding van konferensies.
- Buitelandse akademici moet eerder op eie koste as genooide gaste aan konferensies deelneem.
- Maksimale koste-doeltreffendheid van tydskrifte, en besondere aandag aan die skep van permanente of langer-termyn borge.
- Die ontwikkel van 'n doeltreffender administratiewe stelsel, sodat die invordering van ledegeld by die beperkte mark optimaal benut kan word. Dit kan moontlik bereik word deur 'n gemeenskaplike sekretariaat vir verskillende verenigings te skep.
- Die skep van 'n gesonde balans tussen die behoeftes van professionele historici as navorsers, en die onderrig en popularisering van die vak by die publiek wat wel in geskiedenis belangstel. Skole is die voedingsbron van toekomstige studente en geskiedkundiges en die publiek is 'n potensiële mark vir boeiende historiese leesstof en bewaringsaksies.

Hoewel die bestuur onder Bergh se leiding sedert 1993 deurlopend aan hierdie sake aandag gegee het, is weinig tot op datum prakties bereik. Elke organisasie is besonder gesteld op sy selfstandigheid en sy bepaalde spesialisasiegebied. Twee ontwikkelinge het wel vorm aangeneem. Die bestuur is naamlik geherorganiseer en na vyftien lede uitgebrei, met 'n ondervoorsitter wat outomaties van die kampus waar die volgende konferensie aangebied sal word, afkomstig is. Die bestuur is verder in 2001 in 'n aantal subkomitees verdeel wat verantwoordelikheid vir bepaalde werksaamhede moes aanvaar. Hierdie verdeling weerspieël hoe die Genootskap, ten spyte van die verskuiwende klem ten gunste van die wetenskaplike beoefening van geskiedskrywing, nog aan sy oorspronklike werkterreine, wat al vier funksies van geskiedenis betrek, getrou gebly het. Tans is daar die volgende subkomitees:

- Onderrig.
- Skakeling.
- Navorsing en interdissiplinêre samewerking.
- Bewaring en toegang tot dokumentasie.
- Populêre geskiedenis.
- Konferensies.

51. J.S. Bergh, "Historiese Verenigings en Tydskrifte in Suid-Afrika: Verlede, Hede en Toekoms", *Historia*, 38, 2, September 1993, pp 33-49.

Die probleem is egter dieselfde as wat van die begin af ondervind is. Die bestuurslede en die lede van die vereniging werk té onafhanklik van mekaar en van ander historici. Universiteite en akademici is besonder gesteld op die bevordering van hulle eie belange, eerder as die algemene belang. Die vyf ander tersaaklike geskiedenisorganisasies – die Historiese Vereniging, die Ekonomiese Geskiedenisvereniging, die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Kultuurgeskiedenis, die Vereniging vir Geskiedenisonderrig en die Kerkhistoriese Werkgemeenskap – funksioneer elk binne ŉ eie terrein waar eie status, eie publikasies en erkenning vir navorsing binne eie universiteite veel belangriker as die oorkoepelende belang van die dissipline is. Intussen word ŉ klein mark van aktiewe historici gesegmenteer. Die taalprobleem speel ook ŉ rol. Die Historiese Vereniging, wat met soveel mooi ideale van gelyke taalbehandeling gestig is, het daarvan wegbeweeg. Die Ekonomiese Vereniging betrek weinig Afrikaanssprekendes, terwyl die Vereniging vir Kultuurgeskiedenis en die kerkhistorici sterker binne taal- of kerklike verbande beweeg.

Die tweede terrein waarop die bestuur wel vordering gemaak het, is die strewe na interdissiplinêre kontak. Vroeër het die Genootskap eers nouer aansluiting by die Raad vir Sosiale Navorsing, en later die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN), gesoek. Hoewel laasgenoemde ŉ Instituut vir Geskiedenisnavorsing gestig het, was die fokus van die begin af op markverwante aktiwiteite. Genealogie en streeks- of plaaslike geskiedenis is uitgesonder as die terreine waarvoor daar ŉ mark bestaan het. Dit was terreine waarvoor die Genootskap hom ook beywer het. Kontak en deelname aan konferensies en byeenkomste het sporadies plaasgevind. Die RGN was egter nie bereid om die Genootskap op enige wyse as sodanig te ondersteun en te promoveer nie. Hulle het byvoorbeeld nie die Genootskap geken in die samestelling van komitees nie en was ook nie bereid om enige vorm van steun aan die tydskrif te verleen nie.[52] In 1993 het die RGN die leiding geneem om ŉ konsortium van geesteswetenskaplike vakverenigings te stig.[53] Hoewel die stigting amptelik op 22 Oktober 1993 plaasgevind het, het die konsortium nie voor die politieke veranderinge van 1994 op dreef gekom nie. Daarna het die inisiatief doodgeloop. Tans is die Genootskap weer betrokke by ŉ poging om iets soortgelyks tot stand te bring en het dit aktiewe deelname en verteenwoordiging op die byeenkomste van 2005 gehad. Dit bly egter ŉ onsekere saak wat so ŉ konsortium werklik kan bereik, of namens sy

52. UP: HGSA-argief, derde lêer, geen titel: President van die RGN – F.A. van Jaarsveld, 21 Junie 1978.
53. UP: HGSA-argief, lêer 1 "Korrespondensie", Jaarverslag van 1993.

lede kan beding. Konkrete en spesifieke sake sal bepaal of daar wel lewenskrag in dié onderneming steek.

Sulke konkrete werksaamhede het wel die Genootskap se verhouding met die Historiese Vereniging ontwikkel. Dit het op drie wyses geskied. Eerstens, in belang van die onderrig van Geskiedenis op skool, waaraan in 'n afsonderlike onderafdeling aandag gegee word. Tweedens, deur die feit dat lede van die Genootskap se bestuur meermale ook 'n termyn as president van die Historiese Vereniging gedien het. Dit was die geval met E.L.P. Stals (Randse Afrikaanse Universiteit), D.J. van Zyl (Universiteit van Stellenbosch), Johan Bergh (Universiteit van Pretoria) en Leo Barnard (Universiteit van die Oranje-Vrystaat). Hulle het hulle almal vir nouer samewerking tussen die twee organisasies beywer. Derdens het die Genootskap moeite gedoen om by geleenthede die president van die Vereniging te nooi om oor sake van belang vir die historiese wetenskap te praat. Dit was byvoorbeeld die geval in 1988 toe professor John Benyon van Natal 'n lesing oor *The necessity for new perspectives in South African history* gelewer het. Dit was op 'n tydstip toe die *History Workshop*-beweging aan veral die Universiteite van Kaapstad en die Witwatersrand besonder aktief was en heftige historiografiese debatte tussen die liberale en radikale skole gevoer is. Hoewel die destydse voorsitter van die Genootskap, F.A. van Jaarsveld, in talle openbare optredes en geskrifte standpunte oor die saak ingeneem het, het die Genootskap 'n relatief onbetrokke posisie gehandhaaf. Dit was wel saam met die Departement Geskiedenis van die Randse Afrikaanse Universiteit 'n vennoot in die tweedaagse eilandberaad wat in 1983 by laasgenoemde gehou is, waar hierdie ontwikkelinge bespreek is en wat 'n poging was om 'n informele gesprek tussen historici van alle Suid-Afrikaanse universiteite moontlik te maak.

Wat ledetal betref, het die Genootskap sterk op skole wat as lede aangesluit het, staatgemaak om ook die twee tydskrifte te kan ontvang. In 1998 het die skole hulle inskrywings vanweë die groot onsekerheid oor die toekoms van Geskiedenis as skoolvak na die politieke veranderinge van 1994, gestaak. Die Genootskap se ledetal het tot 90 individuele lede en 160 instansies, wat meesal museums, universiteite en plaaslike biblioteke was, gedaal.[54] Tans staan die ledetal op 229, waarvan 145 individue is.

---

54. UP: HGSA-argief, lêer "Notuleboek", Notule van ledevergadering, 30 Junie 1998.

**Die Tydskrif**

ŉ Ontleding van die Genootskap se tydskrif *Historia* is ŉ aparte onderneming. Hier word net aandag aan enkele belangrike momente in die geskiedenis van dié tydskrif gegee.

Die eerste uitgawe het reeds in Junie 1956 verskyn, binne drie maande na die stigting van die Genootskap. Dit het spoedig ŉ kwartaalblad geword. In 1974 is oorgeskakel na twee uitgawes per jaar om koste en arbeid te besnoei. Die tydskrif se doel is as die bevordering van die belange van geskiedenis "in die ruimste sin" omskryf. Daarom sou "afsonderlike rubrieke met die behoeftes van die laerskoolkind, die leerling op die middelbare skool en die student" verskyn, en sou aan onderwysers en dosente die geleentheid gebied word om "beskouings in verband met die metodiese benadering van die vak" bekend te stel. Inligting en voorligting sou aan leerders gebied word en hulle sou "aangemoedig word om self bydraes te lewer". Daarbenewens wou die tydskrif ook streng wetenskaplike diepte-artikels gebaseer op argivale navorsing plaas, die museumwese bevorder en nuwe historiese literatuur bekendstel. Herinneringe van bejaardes wat besondere historiese gebeure beleef het, sou in die tydskrif opgeneem word om te verseker dat die verlede nie verlore gaan nie. Die tydskrif het dus in hierdie opsig dit nagestreef wat vandag in die Afrika-geskiedbeoefening so sterk beklemtoon word, naamlik die belangrikheid van *memory*. Die tydskrif sou nie net tweetalig (Afrikaans en Engels) wees nie, maar ook artikels in Nederlands, Duits en Frans opneem.[55] Artikels sou egter tot die Suid-Afrikaanse geskiedenis ("vaderlandse geskiedenis" in die destydse terme) beperk word, soos ook uitdruklik in Artikel 2.1 van die Genootskap se grondwet gestel is.

Die moeilike opgaaf wat die tydskrif gestel het, is in ŉ beperkte mate bereik. Dit was veel meer suksesvol ten opsigte van die verskaffing van hulp aan onderwysers en die bevordering van die bewaring van herinneringe en historiese oorblyfsels, as in die aanbied van in-diepte artikels. Van Jaarsveld het in 1973 redakteur van *Historia* geword, toe hy na die Universiteit van Pretoria verskuif het. Vroeër het hy, ten spyte van sy entoesiastiese deelname aan die skryf van artikels toe hy nog onderwyser was, gemeen dat die tydskrif nie op peil vir werklike diepgang in historiese navorsing of gesprek was nie.[56] As redakteur het

---

55. "Van die redaksie", *Historia*, 1, 1, Junie 1956, pp 1-3.
56. NA: F.A. van Jaarsveld-versameling, band 17, F.A. van Jaarsveld – W. Drascher (Tübingen), 4 Maart 1960.

hy hom daarvoor beywer om meer navorsingsartikels te publiseer. Dit het saamgeval met die geleidelike verskuiwing van die Genootskap se fokus van skoolonderrig na navorsing en meer akademiese aktiwiteite.

Danksy die bydraes van onderwysers en onderwysleiers, is heelwat artikels van 'n meer algemene belang oor geskiedenis gepubliseer. Daar was weinig wat werklik aan die onderwysers leiding verskaf het in die hantering van die ingewikkelde problematiek van die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Daarvoor was die skoolsillabusse in alle geval te blank-sentries gerig. Die aanwending van museums en historiese besienswaardighede in die skoolonderrig, is gereeld bevorder. Die propagering van fondsinsamelings vir monumente of standbeelde het ook aandag gekry. *Historia* het byvoorbeeld die kanaal geword om die pleidooi vir die bewaring van die Krugerhuis op Boekenhoutfontein te bevorder. Standbeelde en monumente was een van Van Tonder se stokperdjies. Hy het dan ook 'n aantal boeke geskryf waarin besondere aandag aan historiese besienswaardighede gegee is. Hierdie boeke is veral in Transvaalse skole vlytig gebruik.

Dit was op sy inisiatief wat die Genootskap reeds in Februarie 1957 met 'n spesiale tydskrif vir leerders, naamlik *Historia Junior*, begin het. Leerders se bydraes oor hulle regstreekse kontak met historiese besienswaardighede, gedenkdae of persoonlikhede het die kern van die blad uitgemaak. Dit was oorwegend laerskoolleerders wat deelgeneem het. Uitgebreide publisiteit, selfs met foto's van die leerders, was bedoel om hulle betrokke by die ontdek van geskiedenis te laat voel. Prysgeld van £5 (R10) is in elke uitgawe vir die beste artikel uitgeloof. Wat tipografie betref, was dit 'n eenvoudige en oninspirerende publikasie, maar dit het op die hoogtepunt van sy bestaan 9 000 intekenaars, teenoor die maksimum van 500 wat *Historia* ooit bereik het, gehad. Die dalende belangstelling in geskiedenis in skole het teen 1979 meegebring dat sowel *Historia* as *Historia Junior* se sirkulasie 'n laagtepunt bereik het. *Historia Junior* se oplaag het tot 2 000 gedaal. In 1979 was *Historia* se oplaag 453. Dit was saamgestel uit 132 skole; 19 onderwyskolleges; 21 universiteite; 33 oorsese lede; 126 individue intekenaars; en 92 pligeksemplare. Die drukkoste van *Historia* het R2 556-32 en van *Historia Junior* het R3 081-06 bedra.[57] Die groot verandering weg van betrokkenheid by skole word deur die huidige intekenaars op die tydskrif geïllustreer. Van die 229 intekenaars in 2006, is net 3 skole; 12 biblioteke; 21 universiteite; 3 kolleges en technikons; 13 argiewe en museums; 37 oorsese lede (waarvan 27 instansies is); en 135 individuele

57. UP: HGSA-argief, lêer 3, geen titel, Brief van J J. van Tonder, 14 November 1979.

intekenaars. Oorsese intekenaars, universiteite en plaaslike individue het min of meer konstant gebly.

ʼn Belangrike faktor was die uittrede van doktor Van Tonder as voorsitter van die Genootskap in 1976. Hy het wel nog *Historia Junior* tot 1979 hanteer, maar omdat hy geen invloed meer in die onderwys gehad het nie, kon hy nie werklik die onderwysers betrek nie. Hy het hom tot die Departement Geskiedenis van die Randse Afrikaanse Universiteit gewend met die versoek dat hulle *Historia Junior* oorneem. Hulle was nie bereid om die tydskrif voort te sit nie, maar het ʼn ander inisiatief in samewerking met die Goudstadse Onderwyskollege geloods, naamlik die stigting van ʼn blad wat meer op hoërskole en met veel meer aandag aan die hantering van ingewikkelde en omstrede gebeure uit sowel Suid-Afrikaanse as die sogenaamde Algemene Geskiedenis gemik was. Die nuwe blad se uitgangspunte was heeltemal anders as dié van *Historia* en *Historia Junior*. Die sillabus as geheel, en nie net Suid-Afrikaanse geskiedenis nie, is verteenwoordig. Klem is eerder op die rol van die vak om bepaalde vaardighede, veral intellektuele vaardighede, in die stel en ontleding van kernvrae by leerders te ontwikkel, gelê. Voorligting aan onderwysers om moeilike gebeure uit ʼn multi-perspektiwiese benadering te onderrig, het die tydskrif ʼn besonder bruikbare een gemaak.

Die nuwe blad *Gister en Vandag / Yesterday and Today* was wat inhoud en tipografie betref, heeltemal anders as *Historia Junior*. Dit is van 1981 af twee keer per jaar uitgegee. Aanvanklik het die Historiese Genootskap die taak behartig, maar dié verbintenis is in 1985 beëindig met die stigting van ʼn gespesialiseerde liggaam vir onderwysers van die vak, die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Geskiedenisonderrig.[58] Vakdidaktici van die Randse Afrikaanse Universiteit, die Universiteit van Suid-Afrika en die onderwyskolleges van Pretoria, Johannesburg en die Goudstad, het die leiding geneem. Historici het bydraes gelewer wat eerder die historiese inkleding en agtergrond van ingewikkelde kwessies in die skoolsillabus behandel het, as wat dit argivale diepte-navorsing verteenwoordig het. Dié artikels het vir hoërskoolleerders waardevolle bronmateriaal vir klasopdragte geword. Die tydskrif het groot steun van die Transvaalse, Vrystaatse en Suidwes-Afrikaanse onderwysdepartemente, asook die Departement Bantoe-onderwys ontvang. Hulle het amptelik vir alle hoërskole ingeteken wat aan die blad ʼn gewaarborgde sirkulasie van 1 500 verskaf het. Op sy hoogtepunt in 1994, was die sirkulasie 4 500.

58. UP: HGSA-argief, lêer 3, geen titel, Jaarverslae van 1979 tot 1986.

Met die politieke veranderinge van 1994, is hierdie steun onttrek en in 1997 het die blad opgehou om te bestaan.

Die Genootskap se tydskrifte het van die begin af met geldelike beperkinge te kampe gehad. Met die stigting van die Genootskap is in beginsel besluit om van elke hoër- en laerskool 'n spesiale bydrae van onderskeidelik R10 en R2 per jaar te vra om die koste van die tydskrifte te help dek. Pogings om van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing en die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap finansiële steun te kry, het aanvanklik nie geslaag nie. In 1959, toe een van die stigterslede, M.C. de Wet Nel, Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap was, het die Genootskap 'n toekenning van R1 000 per jaar ontvang. Hoewel dit in 1960 na R2 000 verhoog is, is dit later gestaak en eers weer in 1980 hervat.[59] In die beginjare kon *Historia* op 'n gereelde advertensie van die Rembrandt Tabakmaatskappy staatmaak, wat 'n inkomste van R250 per jaar verseker het. Stygende drukkoste het die inkorting van die tydskrif tot net semesteruitgawes genoodsaak.

Tradisioneel was die meeste artikels in Afrikaans, maar met gereelde Engelse bydraes. Soos die Historiese Vereniging, het ook die Genootskap druk ervaar om van Afrikaans in sowel die tydskrif as op sy konferensies afstand te doen. [60] In 1987 is besluit om wel Engelse opsommings van artikels te plaas en in 1996 is besluit dat die Genootskap die reg van deelnemers om die taal van hulle keuse te gebruik, respekteer. Nogtans het Afrikaanse deelname skerp begin daal. Teen die vyf-en-veertigste jaargang het Afrikaanse bydraes tot *Historia* afgeneem na een minder as die Engelse bydraes. Teen 2000 het Afrikaans 'n agterstand van 66 persent gehad.[61] In 2005 was net 20 persent van die artikels in Afrikaans.

**Die Onderrig van Geskiedenis**

Optrede in belang van die posisie van Geskiedenis op skool was die hoofmotivering vir die totstandkoming van die Genootskap. Dit was dan ook aanvanklik een van die belangrikste fokuspunte daarvan. Ten spyte van die latere verskuiwing in die samestelling van die bestuur na professionele historici aan universiteite, het die Genootskap tot op hede

59. UP: HGSA-argief, lêer 3, geen titel, verskillende jaarverslae.
60. Sien in hierdie verband die voorstel op die Bestuursvergadering van 23 Maart 1998, UP: HGSA-argief, Notuleboeke, Notule 23 Maart 1998.
61. UP: HGSA-argief, lêer "Notuleboek", Verslag van *Historia* vir die tydperk 1998 tot 2000.

steeds daarna gestreef om die onderrig van die vak te bevorder, soos sal blyk.

Die saak waaraan die meeste aandag in die beginjare gegee is, was pleidooie vir die instel van Geskiedenis as verpligte vak vir die senior sertifikaat. Daar is min sake wat die Genootskap in sy vroeë geskiedenis met groter energie aangepak het. Dit was veral die "vaderlandse geskiedenis" wat na hulle oordeel verpligtend vir alle skole moes wees. Hulle het onder meer die verpligte universiteitskursus in *American civilization* wat by heelwat Amerikaanse universiteite vir alle eerstejaars aangebied is, as argument gebruik. Soos die Amerikaanse kursus, wou die Genootskap geskiedenis ook as die middel benut om leerders ingeligte en toegeruste, positief-gemotiveerde, patriotiese burgers te laat word. Die Genootskap het uitgebreide motiveringsaksies geloods. Kerke, universiteite, onderwyshoofde, kultuurorganisasies en die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns is betrek om die projek te bevorder. Deur die Genootskap se toedoen het die FAK byvoorbeeld in 1964, en die Akademie in 1968, hulle kongresse of jaarvergaderings aan die rol van geskiedenis in die onderwys en opvoeding gewy. Die Nasionale Party van Transvaal het op sy 1963-jaarkongres sy steun hieraan toegesê. Die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie en die Afrikaanse Taal- en Kultuurbond het in 1965 dieselfde gedoen. Male sonder tal is besluite hieroor op die Genootskap se jaarvergaderings geneem. Hierdie pleidooie het nooit enige sukses behaal nie, omdat onderwysowerhede, benewens Afrikaans en Engels, geen ander vakke verpligtend wou maak nie. Dit is besonder betekenisvol dat die bestuur reeds vroeg met hierdie standpunt kennis gemaak het, naamlik toe een van sy stigterslede, die voormalige geskiedenisonderwyser A.J. Koen, Direkteur van Onderwys in Transvaal geword het. Die verwagting dat hy die saak goedgesind sou wees, is spoedig teleurgestel. Hy het verklaar dat dit boeiende inhoud en inspirerende aanbieding is wat leerders na die vak moet trek, nie departementele voorskrifte nie.[62]

In 1963 het die Genootskap sterk standpunt teen die instelling van Sosiale Studie in laerskole ingeneem.[63] Dit is in 1965 met ʼn uitgebreide memorandum oor die rol en plek van Geskiedenis in die onderwysprogram opgevolg. Die redakteurs van die memorandum was professore A.G. Coetzee, J.J. Snyman en J.S. du Plessis. Dit is aan alle onderwyshoofde voorgelê en ʼn onderhoud is met die Minister van

62. *Historia*, 7, 1, Maart 1962, pp31-38.
63. Sien memorandum namens die Genootskap gedateer 20 Desember 1963 en opgestel deur doktor T.S. van Rooyen van die Departement Geskiedenis aan die Universiteit van Pretoria. UP: HGSA-argief, lêer "Konstitusies".

Onderwys, Jan de Klerk, gevoer. Die memorandum het beklemtoon dat Geskiedenis die enigste skoolvak is waardeur die algemene doelstellings van die onderwys bereik kan word.[64] Invloedryke steun het van die Rektor van die Universiteit van Stellenbosch, professor H.B. Thom, gekom. Hy het hom by meer as een geleentheid in die openbaar ten gunste van Geskiedenis as verpligte vak "ter wille van hulleself en ter wille van die land waarin hulle woon en die volk waartoe hulle behoort" uitgespreek.[65] Doktor Van Tonder het elke jaar 'n vergelykende studie van die getalle-tendens in Geskiedenis gemaak. Die Genootskap het teen die jare negentig minder op die vak se posisie aan skole begin fokus en meer aandag aan universiteite gegee. Die skerp daling in die aantal studente wat in onderwys as loopbaan belanggestel het, asook die sterk mededinging van beroepsvakke aan universiteite, het 'n bron van kommer geword.[66] Die instel van programme eerder as vakke in universiteitsonderrig het ernstige implikasies vir Geskiedenis ingehou. Die Genootskap het kennis geneem van die wyse waarop departemente hulle by die markgedrewe benadering probeer aanpas het, sodat die vak byvoorbeeld as selfstandige vak aan sommige universiteite soos die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit afgeskaf is en aan ander universiteite sy hoof voedingsbron uit dienskursusse aan programme moes vind. Sommige departemente het ook hulle name verander om by die nuwe klem op erfenisstudies en die toerismebedryf aansluiting te vind.

In hierdie veranderende klimaat moes die Genootskap sy rol herdefinieer. Dit het byvoorbeeld nie amptelik as vereniging nie, maar wel deur individuele lede, 'n aandeel aan vyf belangrike ontwikkelinge gehad. Eerstens, die ondersoek na die onderrig van Geskiedenis vanuit 'n Afrikaanse perspektief wat in 1988 deur die Federasie van Afrikaanse Onderwysverenigings geloods is. Tweedens, die meer uitgebreide voortsetting van hierdie ondersoek vir die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap van die Administrasie Volksraad.[67] Terselfdertyd het die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing as deel van sy uitgebreide onderwysnavorsingsprogram, 'n prinsipiële studie oor die plek en rol van Geskiedenis in skoolonderwys geloods. Dit is in 1993 bekendgestel.[68]

64. JU: J.J. van Tonder-versameling, band 29/17, lêer 89.
65. *Historia*, 18, 4, Desember 1973, p 221.
66. Byvoorbeeld J. de Villiers, "'n Analise van Geskiedenis op Universiteitsvlak in Suid-Afrika, 1971-1973", *Historia*, 18, 2, Oktober 1973, pp 224-230.
67. S.L. Barnard, H.J. Breytenbach en J.F. Stemmet, *'n Ondersoek na die stand van Geskiedenis as onderrigvak op skoolvlak binne blanke hoërskole in die RSA (1992)*, Vrystaatse Onderwysdepartement, Bloemfontein, 1992.
68. "Die onderrig van Geskiedenis in die RSA", *RGN Onderwysprogram*, 37, RGN, Pretoria, 1993.

Die Suid-Afrikaanse Historiese Vereniging het weer op die vlak van die historiese wetenskap ʼn ondersoek oor die grondslae van die historiese wetenskapsbeoefening laat doen. Lede van die Genootskap het in hulle individuele hoedanighede aktief aan laasgenoemde meegedoen.[69] In 1998 het lede van die Genootskap met die Suid-Afrikaanse Historiese Vereniging saamgewerk om ʼn voorlegging aan minister Bengu van die Departement van Nasionale Onderwys te doen. Daarin is ʼn pleidooi vir die behoud van Geskiedenis as outonome vak vir die senior sertifikaat gelewer. In ʼn onderhoud op 1 Junie 1998 met ʼn afvaardiging van die Suid-Afrikaanse Historiese Vereniging het die Minister hom tot ʼn konferensie tussen professionele historici en opvoedkundiges oor die plek van Geskiedenis in Kurrikulum 2005 verbind. Dit het nooit in sy tyd, of in die tyd van sy twee opvolgers plaasgevind nie.

In bepaalde opsigte het die Genootskap in die jare negentig nog meer betrokke by onderwyssake en weliswaar op ʼn veel breër front as net die skole, as in die jare vyftig en sestig geraak. Hierdie betrokkenheid was net op ʼn heel ander wyse en veel minder sigbaar in die openbaar.

Die Genootskap het ʼn deeglike kommentaar aan die Departement van Nasionale Onderwys oor die voorgestelde kurrikulum-model vir die onderwys wat in 1992 vir openbare kommentaar vrygestel is, voorgelê. In die memorandum[70] het die Genootskap vroeëre teenkanting teen Sosiale Studies, hierdie keer in die Junior Sekondêre fase, met dieselfde argumente as in 1963 herhaal. Hulle het die voorgestelde vakkombinasies vir grade 10 tot 12 onaanvaarbaar gevind omdat dit sterk teen die menswetenskappe gelaai was. Die Genootskap het afgewyk van die vroeëre standpunt oor Geskiedenis as verpligte vak tot matriek deur nou net daarvoor tot by graad 11, maar dan in al ses vakkombinasies, te pleit. Wat interessant is, is die meer gemoderniseerde siening van die doel en betekenis van geskiedenisonderrig op skool. Die klem is op intellektuele vaardighede geplaas wat vir alle historiese kennis, en nie net vaderlandse geskiedenis nie, geld. Volgens die memorandum, is Geskiedenis noodsaaklik om die volgende te bereik:

- Geïntegreerde geletterdheid wat politieke, ekonomiese, maatskaplike, kulturele en militêre ervaring en kennis integreer.
- Verantwoordelike burgerskap om die burger voor te berei om in die geïntegreerde moderne maatskappy en internasionale wêreld ʼn rol te speel.

69. Dié studie is net in ʼn beperkte oplaag beskikbaar gestel.
70. UP: HGSA-argief, lêer "Korrespondensie", Memorandum, 26 Februarie 1992.

- Om die volgende intellektuele vaardighede te ontwikkel, naamlik logiese strukturering van gedagtes; ŉ interpreterende en kritiese vermoë teenoor gegewens; ŉ vermoë om ingewikkelde ontwikkelinge en idees te begryp en eenvoudig te verduidelik; die beredenering, waardering en beoordeling van uiteenlopende standpunte oor en interpretasies van ŉ saak of gebeurtenis; ŉ vermoë om dinge te vergelyk en verbande tussen gebeure en idees in hulle oorsaaklikheid te lê; die vermoë om ŉ gesaghebbende seleksie te maak ten einde dít te identifiseer wat vir die verdere ontwikkeling van gebeure belangrik is; en die verantwoording van standpunte aan kontroleerbare bronne of gegewens.

Die Genootskap se voorsitter, F.A. van Jaarsveld, het in 1993 lid van die Nasionale Kernsillabuskomitee vir Sosiale en Geesteswetenskappe geword. Laasgenoemde instansie was met ŉ intensiewe proses van kurrikulum-hersiening besig, as deel van die proses om ŉ nuwe grondwetlike bedeling in Suid-Afrika tot stand te bring. Dit is interessant dat hierdie komitee, onder voorsitterskap van doktor J.F. Stemmet van die Vrystaatse Onderwysdepartement, die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing se verslag as basis vir die formulering van sy oogmerke gebruik het.[71] Omdat hierdie oogmerke ook noue aansluiting by die werksaamhede van die Genootskap vind, moet daarvan kennis geneem word:

- Die rasionaal van die vak. Dit is die regverdiging van sy plek in die kurrikulum. Vergelyk dit met wat in die 1992-memorandum van die Genootskap oor intellektuele vaardighede gestel is.
- Die doelstellings wat die hersiene sillabus behoort te bereik.
- Kriteria vir die seleksie van vakinhoude.
- Voorbeelde van sodanige vakinhoude.
- Metodes om die sillabus te evalueer.
- Moontlike riglyne vir die implementering van die nuwe sillabus.

Die politieke veranderinge na 1994 het hierdie hersieningsproses in die sand laat loop.

Intussen het die Genootskap in ŉ voorlegging van 3 September 1997 aan die Kurrikulum 2005-komitee oor uitkomste vir die Menslike en Sosiale Wetenskappe ernstige kommer oor die rigting waarin hierdie uitkomste beweeg, uitgespreek. Die Genootskap het verklaar dat dit ŉ

---

71. Daar is belangrike korrespondensie tussen Van Jaarsveld en die Komitee te vinde in UP: HGSA-argief, lêer "Korrespondensie".

vermenging van soveel studiegebiede, kennisterreine, asook sosiale en menslike aktiwiteite is, dat dit nie die ideale wat vir die onderrig van die voorgestelde stelsel beoog word, kan verwesenlik nie.[72]

Die Genootskap het verder besluit dat die beste wyse om 'n kritiese rol te vervul, sou wees om deel van die proses waardeur kurrikula ontwikkel word, te word. Dus het die Genootskap verteenwoordigers op die Nasionale Standaarde Liggaam vir Mens en Sosiale Wetenskappe (NSOB7) van die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid (SAKO / SAQA) benoem. Aanvanklik het die voorsitter, professor J.S. Bergh, as verteenwoordiger opgetree. Hierdie rol is in Julie 2001 deur professor Grietjie Verhoef, bygestaan deur professor J.S. du Pisani, oorgeneem. Doktor Albert van Jaarsveld van die Universiteit van Zoeloeland is as verteenwoordiger op SAKO benoem. Dit was dus vakhistorici, eerder as opvoedkundiges of onderwysers, wat die Genootskap in hierdie onderwysliggame verteenwoordig het. Op die inisiatief van onder andere 'n lid van die Genootskap wat ook 'n leidende rol in die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Geskiedenisonderrig gespeel het, naamlik professor Elize van Eeden, is 'n Standaarde Generiserende Liggaam (SGL / SGB – Standards Generating Body) vir Tradisies, Geskiedenis en Erfenis tot stand gebring. Dit was hulle verwagting dat hierdie liggaam ruim geleentheid vir die bevordering van Geskiedenis sou bied.[73] Fondse is vir hierdie doel van SAKO verkry, nadat 'n begroting ingedien is en goedkeuring vir die stigting gegee is.

Tydens die eerste amptelike byeenkoms as SGL, met die doel om standaarde te begin formuleer, kon die groep genomineerdes van verskillende belange en organisasies mekaar nie vind nie. Dit het spoedig geblyk dat elkeen die saak vanuit 'n eie en enger vakperspektief benader. Die wil, die vermoë en die kundigheid om 'n sprong te maak na die onbekende terrein van Tradisies, Geskiedenis en Erfenis, het ontbreek. Dertig belanghebbendes was op 15 November 2001 by die vergadering teenwoordig. Dié byeenkoms het met 'n meerderheidstem besluit om die SGL vir Tradisie, Geskiedenis en Erfenis te ontbind.[74] Die Genootskap het van hierdie ontwikkelinge kennis geneem. 'n Teleurgestelde Elize van Eeden het daarop die voorbeeld van die Argeoloë en Geograwe gevolg en 'n aansoek vir die stigting van 'n SGL vir Geskiedenis by

---

72. UP: HGSA-argief, lêer "Korrespondensie sedert 1994", Afskrif van voorlegging, 3 September 1997.
73. Persoonlike mededeling: Professor Elize van Eeden. Kyk ook UP: HGSA-argief, lêer "HGSA 2000", Jaarverslag 1999/2000.
74. Persoonlike mededeling: Professor Elize van Eeden. Vergelyk ook UP: HGSA-argief, Notule van Bestuur, 29 November 2001.

SAKO ingedien. Die Nasionale Standaarde Liggaam het aanvanklik negatief op dié poging gereageer. Hierdie negatiewe reaksie is onder meer deur politieke faktore versterk omdat die aansoekers vir die SGL oorwegend blank was en boonop uit histories Afrikaanse universiteite gekom het.

Toe SAKO uiteindelik besluit het om wel ŉ SGL vir Geskiedenis in die plek van die ontbinde organisasie tot stand te bring, is daar lank gesukkel om ŉ doeltreffende leier vir die onderneming te kry.

Ook op ander terreine het die Genootskap voortgegaan om ŉ ondersteunende, maar kritiese en onafhanklike rol in die ontwikkeling van skoolsillabusse te speel. Gevolglik het die Genootskap van 2 tot 5 Oktober 2002 aan die Suid-Afrikaanse Geskiedenisprojek se konferensie in Rondebosch deelgeneem. Die Genootskap se verteenwoordiger, professor Elize van Eeden, het ŉ versigtig-optimistiese hoop gekoester dat die konferensie wel die weg vir die herstel van Geskiedenis as volwaardige matriekvak gebaan het. Sy het egter ook op die klaarblyklik beperkte deelname van historici en opvoedkundiges aan die byeenkoms en die belangrike rol wat openbare en polities betrokke liggame op die konferensie gespeel het, gewys.[75] Dit sou egter nog twee jaar duur voordat daar van regeringskant beweging gekom het. Kadar Asmal, Minister van Onderwys, het in 2004 aangekondig dat Geskiedenis as een van die vakke vir die senior sertifikaat erken sou word. Die belofte is ook gemaak dat handboeke beskikbaar sou wees en dat reekse opleidingsgeleenthede vir onderwysers gereël sou word. Ernstige kritiek oor boeke wat tot op datum kragtens dié projek verskyn het, het van buite die Genootskap gekom. Die Geskiedeniskommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, onder voorsitterskap van professor Fransjohan Pretorius, het in Januarie 2006 ernstige kommer oor die degradering van die geskiedenis van die Afrikaner uitgespreek.[76] Hierdie saak is tans in die proses van verdere aandag waarby die Genootskap nie, of nog nie, betrokke is nie.

Die Genootskap en die Historiese Vereniging het saamgewerk om die SGL vir Geskiedenis aan die gang te kry. Die onbeholpe wyse waarop SAKO die saak hanteer het, het meegebring dat professor Christopher Saunders van die Vereniging uiteindelik, na twee vrugtelose jare, hom as sameroeper van die liggaam onttrek het. Die Genootskap het daarna onderneem om ŉ voorsitter te nomineer. Professor

75. *Historia*, 27, 2, November 2002, pp 762-772.
76. *Rapport*-bylaag *Perspektief*, 9 April 2006, p 2.

Johann Tempelhoff het die taak oorgeneem en onder sy leiding is die finale verslag van die liggaam oor standaarde vir die opleiding in Geskiedenis buite skoolverband in November 2005 voltooi. Die Raad van SAKO het die verslag aanvaar en tans word op verdere ontwikkelinge gewag. Die medewerkers aan hierdie verslag was hoofsaaklik verteenwoordigers van die Genootskap.[77]

Die wyse waarop verteenwoordigers van die Genootskap by nuwe onderwysstrukture in belang van die vak betrokke geraak het, en die rol wat hulle daar gespeel het, het hulle passie vir die dissipline getoon. Geen politieke of ideologiese agendas was by hulle deelname betrokke nie.

**Ander Werksaamhede**

Die Genootskap het ook daarna gestrewe om sy oorspronklike doelstelling om Geskiedenis oor ŉ wye front te bevorder, gestand te probeer doen. Besondere aandag is aan die museumwese gegee. Naas skoolmuseums, het die Genootskap hom ook beywer vir openbare museums, byvoorbeeld op Vereeniging en Heidelberg, asook vir die Kultuurhistoriese Opelugmuseum in Pretoria. Gereelde vertoë is tot die staat gerig om die kultuurhistoriese afdelings van museums as selfstandige afdelings van natuurkundige museums te skei en hulle dan meer doeltreffend vir skoolonderrig aan te wend. Die Genootskap was nie die enigste liggaam wat hom vir dié museums beywer het nie, maar dit moet tot die Genootskap se krediet gereken word dat dit gehelp het om belangrike veranderinge in beleid ten opsigte van kultuurhistoriese bewaring te weeg te bring.

Onder die invloed van die historikus van die Universiteit van Wes-Kaapland, W.J. de Kock, het die Genootskap hom reeds van vroeg af vir ŉ nasionale prentekabinet, ŉ biografiese woordeboek en ŉ groter koördinering van navorsing beywer. Die biografiese woordeboek het werklikheid geword, hoewel nie deur die toedoen van die Genootskap nie, maar wel deur die werksaamhede van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Lede is ook aangemoedig om historiese dokumente te versamel en aan die Staatsargief te besorg. In die jongste tyd het die Genootskap voorleggings aan die Departement van Kultuursake oor die benoeming van historici op die Nasionale Argiefkommissie gemaak.

77. UP: HGSA-argief: Notuleboek: Notules van Bestuur, 29 Januarie 2004, 25 Junie 2004 en 20 April 2006.

Die restourasie en bewaring van geboue en plekke van geskiedkundige belang het ook van tyd tot tyd die Genootskap se aandag geniet. Dit het (soos reeds genoem) 'n belangrike rol in die aankoop en bewaring van Paul Kruger se huis op Boekenhoutfontein gespeel, asook in die propagering van die aankoop van Jan van Riebeeck se geboortehuis in Culemborg, Nederland.

Hoewel karige finansiële middele die Genootskap nooit in staat gestel het om finansiële bydraes tot die oprigting van monumente en standbeelde te lewer nie, het dit die saak ywerig by leerders bepleit. Veral deur sogenaamde pennieleggings by skole is 'n bewustheid van historiese gebeure gekoppel aan bepaalde monumente by leerders verskerp. Die Genootskap se eerste voorsitter, doktor J.J. van Tonder, het persoonlik vier boeke oor monumente die lig laat sien.[78] In sy tyd het die Genootskap aktief aan die organiseer van volksfeeste, veral Kruger- en Geloftefeeste, meegewerk. Skole het dit in hulle jaarprogramme opgeneem en is voorsien van hulpmiddele om uitstallings en voordragte te reël. In Van Jaarsveld se tyd het die Genootskap in 1981 ook die Uithourit vir Perderuiters as deel van die Republiekfeesvieringe van daardie jaar help reël.

In 1993 het die Genootskap 'n vroeëre werksaamheid wat doodgeloop het, heringestel. Vroeër het die Genootskap aan die toppresteerder in Geskiedenis in matriek in die Transvaal 'n merieteprys oorhandig. Die prys, wat deur Voortrekkerpers geborg is, het R100 bedra. Die eerste wenner was Irene Dormehl van die Afrikaans Hoërskool in Germiston wat in 1956 sewe onderskeidings in matriek (insluitende in Geskiedenis) behaal het. Sy het haar studies in kernfisika voortgesit. In 1993 is begin om meriete-sertifikate aan individue uit te reik wat 'n besondere bydrae tot die ontwikkeling van Geskiedenis gemaak het. Vier kategorieë is ingestel, naamlik vir voorgraadse studente; matriekleerlinge; dosente aan kolleges of universiteite wat die vak jare lank bevorder het; en onderwysers wat oor 'n lang tydperk uitmuntende onderrig gegee het.[79] In 2000 is nog 'n kategorie toegevoeg, een waarin nog net een toekenning gemaak is, naamlik vir amateur historici wat 'n belangrike bydrae gelewer het om die populêre belangstelling in geskiedenis te bevorder. Die ontvanger was doktor

78. *Veertien Gedenktekens van Suid-Afrika* (Nasionale Boekhandel, Kaapstad, 1961); *Veertig boommonumente in Suid-Afrika* (Perskor, Johannesburg, 1973); *Fotobeeld van 300 Monumente en gedenktekens langs die Pad van Suid-Afrika* (Perskor, Johannesburg, 1975); *Sewentien Perd en Ruiter-monumente van Suid-Afrika* (Perskor, Johannesburg, 1971).

79. UP: HGSA-argief, lêer "Jaarverslae", Jaarverslag 1993.

Ted Burrows, ŉ medikus van Engeland wat lank in die Overberg gewoon het, verskeie boeke oor die geskiedenis van die Overberg geskryf het en sodoende ŉ besondere kultuurhistoriese bydrae gelewer het.

Die Genootskap het ŉ eie wapen laat ontwerp. Dit pryk tans op al die Genootskap se korrespondensie en kennisgewings. Dit is amptelik in die *Staatskoerant* van 27 April 1990 met die registrasienommer H4/3/1/3364 geregistreer.

Terwyl die Genootskap wel ondersteuning aan die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns se Geskiedenisolimpiade toegesê het, en deur individuele lede ŉ aktiewe rol daarin gespeel het, was dit nie ŉ projek van die Genootskap nie. Laasgenoemde wou eerder op die terrein van die tersiêre onderwys beweeg en het in 1994 ernstige aandag aan die hou van ŉ jaarlike studentekonferensie vir universiteite, veral oor nagraadse navorsing, geskenk. Die idee was om iets soortgelyks aan die jaarlikse geleentheid in die biologiese wetenskappe (waar Plant- en Dierkunde om die beurt op ŉ kampus aan die beste meesters- en doktorsgraadstudente die geleentheid bied om hulle werk wyer bekend te stel) te ontwikkel. Die genoemde geleentheid word deur die Afdeling Biologie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns gereël. Daar is ook vertoë tot die Genootskap gerig om by die Natalse Departement van Onderwys se jaarlikse *Young Historians Conference*, wat sedert 1984 bestaan het, betrokke te raak. Die vertrek van doktor J.J. Matthews as inspekteur van skole in Natal, het die betrokkenheid van die Genootskap tot ŉ einde laat kom.[80] Die Genootskap het in 1994 ŉ voorlegging aan die regering gemaak om ŉ historikus op die Waarheids- en Versoeningskommissie te benoem en selfs een van sy lede genomineer, maar hy is uiteindelik nie aangestel nie.[81]

**Wat het die Genootskap bereik?**

Die Historiese Genootskap van Suid-Afrika het ontwikkel uit ŉ idealistiese droom van onderwysmense om geskiedenis in diens van die gemeenskap te stel deur aan al vier die funksies wat in die begin van hierdie artikel gestel word, aandag te gee. In die beginjare het dit onder die invloed van die politieke en idealistiese gees van die tyd gestaan. Met verloop van tyd het dit al meer realisties geword. Die fokus het van die motiverende, inspirerende en bindende rol van geskiedenis na die intellektuele rol daarvan verskuif. Die entoesiasme vir historiese gebeure

80. UP: HGSA-argief, lêer "Korrespondensie sedert 1994", Briewe: Doktor Matthews.
81. UP: HGSA-argief, lêer "Korrespondensie sedert 1994", Briewe: Doktor Matthews.

wat aan prestasies en heldedade van die verlede herinner, is met ŉ klem op die kritiese vaardighede en dieper insigte wat deur ŉ studie van geskiedenis meegebring word, vervang. Die aandag het dus ook na ŉ groter wetenskaplike betrokkenheid, eerder as ŉ populêre dienstaak, verskuif. Dit bly egter opvallend dat die Genootskap nooit werklik van sy dienstaak afstand gedoen het nie en tans ŉ besondere bydrae lewer om hierdie taak met wetenskaplike geskooldheid en krities-konstruktiewe insigte te dien. Die beskuldigings dat die Genootskap ŉ sinistere partikularisme verteenwoordig, word deur doelbewuste optrede teengewerk. Daar moet aanvaar word dat die Genootskap nooit alles vir almal kan wees nie, maar in die ontwikkeling daarvan het dit hom toenemend op die breë behoeftes en belange van die gemeenskap toegespits. Die feit dat Engelssprekendes en swart historici nie in dieselfde mate as Afrikaanssprekendes deelneem nie, is nie te wyte aan die sinisterhede van ŉ eksklusiewe karakter nie, maar aan die sinvolheid van die medewerking van gewilliges wat in staat is om met gemak met ander taal-, kultuur- en denkgroepe te skakel.

Kortliks opgesom, het die Genootskap op ŉ altyd vernuwende manier op die volgende terreine ŉ belangrike bydrae gelewer:

- Aktiewe betrokkenheid by die gesprek oor die onderrig van Geskiedenis op skoolvlak.
- ŉ Gesonde samewerkingsgees om met ander liggame aan die bevordering van gemeenskaplike belange mee te werk.
- ŉ Sensitiewe bewustheid van die waarde van die historiese erfenis en bewaring – van dokumente tot plekke, geboue en voorwerpe.
- Die beklemtoning van gehalte navorsing en gereelde gesprekvoering tussen navorsers, soos blyk uit die boeiende temas van die Genootskap se tweejaarlikse konferensies en die artikels wat in *Historia* verskyn.

Dit is so dat die ideale wat voorsitter Johan Bergh in 1993 gestel het, nie bereik is nie, maar die feit dat *Historia* en die Genootskap se finansiële posisie en administrasie kerngesond is, dat artikels en referate gekeur moet word om net die beste vry te stel en dat die deelname van internasionale medewerkers goed gevestig is, toon dat die Genootskap ŉ sinvolle pad loop.

Daar is veral twee redes waarom die Genootskap hierdie sinvolheid bereik het. Eerstens, danksy die feit dat dit, ten spyte van gereelde kritiese kommentaar van ander inrigtings, ŉ stabiele en permanente tuiste aan die Universiteit van Pretoria gevind het en dat die Universiteit sy hulpbronne tot die Genootskap se beskikking stel. Tweedens, dat die

historici van die Universiteit van Pretoria voortdurend uitreik om die samewerking en betrokkenheid van gewilliges en bekwames te verseker. Hierdie sinvolle samewerking skep 'n bron van energie wat nie deur formule-agtige pogings om alles vir almal te wees, tot 'n mindere kapasiteit en kwaliteite geforseer word nie.

Die Genootskap is bewus daarvan dat dit twee aspekte van hierdie energie met groot verantwoordelikheid moet hanteer. Die eerste hiervan is die taalkwessie. Sou die Genootskap hom in dieselfde mate van Afrikaans distansieer as wat met ander verenigings gebeur het, loop dit die gevaar om hierdie energiebron te verswak. Gevolglik sal dit noukeurig moet let op die gelykberegtiging van tale. In die lig van die Genootskap se geskiedenis, asook lojale opbouende en vernuwende optrede om aan Afrikaans as wetenskapstaal 'n versekerde plek in die aktiwiteite daarvan te bied, moet dit hierdie kenmerk in stand hou. Terselfdertyd sal dit ruimte moet skep om ook bydraes in Afrikatale 'n plek te laat vind, in soverre daar 'n aanvraag daarvoor is en dit die Genootskap se leserspubliek bevredig.

Die tweede saak is die probleem van die uiteenlopende perspektiewe wat in geskiedenis bestaan. Dit is nie 'n geval van "*Every man his own historian*" nie. Dit is wel 'n geval van deurlopende dialoog waarin begrip, redelikheid en aanvaarding 'n sentrale rol speel. Op hierdie terrein is daar nog 'n braakveld wat voor die Genootskap ooplê. Die wyse waarop dit sedert 1980 op eie konferensies doelbewus na 'n gesprek tussen uiteenlopende perspektiewe gestreef het, is 'n belangrike bydrae. Die vraag wat gevra moet word, is of dit nie 'n stap verder moet gaan deur by wyse van publikasies die verskillende interpretasies van historiese gebeure tot die beskikking van die onderwys en die publiek te stel nie. Suid-Afrika met sy verdelende geskiedenis het dringend behoefte aan 'n eie ekwivalent in al die landstale van die Amerikaanse reekse *Problems in American Civilization*; *Problems in Western Civilization*; *Problems in African History*; en *Problems in World History*. Dit is 'n baie moeilike onderneming om aan te pak, want dit verg 'n besondere rypheid van die historici wat dit moet opstel en van die publiek en die skoolstelsel wat moet leer om dit te gebruik. Dit kan belangrike hulp in die huidige onderrigbenadering, waarin klem op die kritiese lees van klein historiese bronne gelê word, verleen.

**Die Globaliserende Konteks**

Die Historiese Genootskap is veral deur die werk van F.A. van Jaarsveld voortdurend op die internasionale tendense in die geskiedskrywing

gewys. Deur die betrek van internasionale historici soos Frank Ankersmit van Groningen, Gerrit Schutte van Amsterdam, Jörn Rüsen van Rynland-Wesfale en nog talle ander, bly die Genootskap ingestel op internasionale ontwikkeling. Johan Bergh se vergelykende studie met die bedryf van historiese verenigings en tydskrifte in die VSA en Brittanje, het die internasionalisering op ŉ ander wyse verder gevoer. Deelname deur verteenwoordigers aan die *International History Conference* en die strewe om internasionale akkreditasie vir *Historia* te verkry, dui almal op ŉ bewussyn van die globale konteks. Reeds in 2001 het die bestuur van die Genootskap in beginsel besluit om dit te beywer vir ŉ Geskiedeniskommissie vir Suid-Afrika wat by die Internasionale Kongres van Historiese Wetenskappe geaffilieer kan raak.[82] Die finansiële implikasies van so ŉ inisiatief en die eise wat dit aan die beperkte mensekragte van historici stel, het veroorsaak dat dié gedagte nog geen vrug gedra het nie.

Suid-Afrika het ook nog geen werklike gesaghebbende liggaam of kommissie van historici gehad wat ŉ deeglike en weloorwoë verslag wat openbare aansien geniet, opgestel het nie. Die ekwivalent van die Jackson-kommissie in die VSA, die De Wit Kommissie in Nederland en die Britse *History at Universities Defence Group*, ontbreek. Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing se onderwysverslag oor Geskiedenis-onderrig en die Historiese Vereniging se nie-gepubliseerde verslag was pogings in dié rigting, maar het geen nasionale poging verteenwoordig nie.

In hierdie opsig kan die Genootskap gerus weer ŉ keer deeglik kennis neem van wat deur die Raad van Europa gedoen word om die verdeelde geskiedenis van Europa op ŉ meer sinvolle wyse hanteerbaar te maak. Hulle het ŉ permanente sekretariaat in Straatsburg met opgeleide historici wat veeltalig is. Dit is hulle taak om gereelde jaarlikse gesprekke en konferensies oor sensitiewe verskilpunte tussen lande oor hulle verlede te hou. Miskien moet die Genootskap dit oorweeg om inisiatiewe vir soortgelyke gesprekke tussen Suid-Afrikaanse groeperinge te inisieer. Dit sou ŉ sinvolle projek wees vir die staat om geld in te belê en sou ŉ poging wees om die geskille en verskille van die emosionele na die rasionele terrein te neem.

Die Genootskap het in die jare tagtig en negentig met die Braunschweigse skoolhandboekgroep saamgewerk om die beter

82. UP: HGSA-argief, lêer "Notuleboeke vanaf 30 Julie 1998", Notule van ŉ Bestuursvergadering, 22 Junie 2001.

ontwikkeling van handboeke te bevorder. Die mooi inisiatief het klaarblyklik weinig winste opgelewer.

Die Genootskap het op sy vyftigste verjaardag eintlik "verjong" geword. Dit het ʼn sinvolle bydrae tot die bevordering van die geskiedenis gelewer en daar is nog meer sinvolle uitdagings wat daarop wag.

## Opsomming

Die Historiese Genootskap van Suid-Afrika is amptelik in Maart 1956 gestig. By geleentheid van sy goue jubileum, word die Genootskap se geskiedenis in oënskou geneem teen die agtergrond van twee interpretasies wat daaraan geheg is of word. Die stigters en die ondersteuners van die Genootskap is dit eens dat die werk daarvan sinvol was en ʼn werklike bydrae tot die ontwikkeling van die vak op verskillende gebiede gelewer het. Kritici, wat veral aan Engelstalige inrigtings verbonde was of is, is krities en beskou die Genootskap as ʼn sinistere beweging met nasionalisties-politieke ondertone en bedoelinge. Hierdie tweeslagtigheid is in werklikheid ʼn inherente deel van die historiese debat in Suid-Afrika tussen Afrikaanse en Engelse historici, tussen wat populêr as ʼn konserwatiewe en ʼn liberale beskouing oor die aard van die Suid-Afrikaanse verlede bestempel word. Hierdie artikel het ten doel om die vraag te beantwoord oor hoe die Genootskap oor die periode van vyftig jaar ontwikkel en verander het. Hoe verteenwoordig die aktiwiteite daarvan die vier funksies van geskiedenis? Wat het die Genootskap bereik? Watter rol het dit gespeel in vergelyking met ander historiese verenigings elders in die wêreld? Die Genootskap was op al vier funksionele gebiede aktief werksaam. In die begin het dit op die bevordering van die onderrig van Geskiedenis op primêre, sekondêre en tersiêre vlak, asook die bevordering van die bewaring en waardering van kulturele en historiese erfenisse gekonsentreer. Die Genootskap is steeds op hierdie terreine aktief, maar spits tans veral aandag toe op die bevordering van ernstige navorsing en die skep van geleenthede vir publikasies. ʼn Aantal onafgehandelde kwessies en sake wat in die toekoms hanteer behoort te word, word ook uitgelig.

**Abstract**

**Meaningful or Sinister?**
**The Historical Association of South Africa**
**Fifty Years Old**

The Historical Association of South Africa was officially founded in March 1956. On the occasion of its golden jubilee, its history is discussed against the background of two interpretations of the Association. The founders and supporters are positive in their appreciation of the meaningful contribution that the Association has made over the years. Others, especially amongst English South Africans, have been very critical of what they regarded as a sinister movement with nationalist-political overtones and intentions. This dichotomy is part and parcel of the traditional debate between Afrikaans and English, conservative and liberal historians, on the nature and meaning of South African history. Using the four basic functions of history in any society, the history of the Historical Association is reconstructed with the aim to address four questions: How did the Association develop and change over time? How does its activities reflect on the functions of history? What has it achieved? How does its role compare with that of history societies in other countries? The Association has been active in respect of all four functions of history. In the beginning it concentrated on the promoting of the teaching of history at primary, secondary and tertiary levels, as well as on promoting an appreciation of cultural heritage and historical preservation. While still active in both of these fields, it is currently focussing primarily on creating opportunities for serious historical research and publications. A number of unresolved issues and matters for future attention are also identified.

**Sleutelwoorde**

Geskiedenisnavorsing; geskiedenisonderrig; Historiese Genootskap van Suid-Afrika; historiese verenigings; skoolonderwys; universiteitsonderrig.

**Key words**

Historical Association of South Africa; historical research; historical societies; school education; teaching history; university education.